**This document consists of two (2) parts:**

**Part A: Thesis**

**Part B: Portfolio**

Part A: Thesis

# Wille Dagga

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

**Master of Arts in Creative Writing**

of

Rhodes University

by

**Liesel Hilge Kruger**

November 2020

**Abstract**

My thesis isse graphic novel/fumetto (photos)/ poetry hybrid. It speel af innie Kylemore, ’n klein ghetto net byte Stellenbosch. Vi ways wat mens genre en visual borders kan veskyf kyk ek ve’al na ‘Arkham Asylum: A Serious House on Serious Earth’ geskryf dee Grant Morrison en illustrated dee Dave McKean. Met ‘Arkham Asylum’ combine McKean painting, photos, collage en illustration. ‘Bitterkomix’ dee Anton Kannemeyer en Conrad Botes is nogge inspirasie in terme vanne meer fluid approach tot style waa die storie die art-style dictate. Ek kyk oek ve’al na ‘Fun Home’ dee Alison Bechdel, vi haa incredible ability om inne tragic, maa somehow humorous way, oo sexual repression te skryf. Oek kyk ek na ‘Dykes to Watch Out For’, dee Bechdel en ‘Wimmen’s Comix’ (Michele Brand, Diane Noomin, et al.) vi die unapologetic manier waa’op díe vrouens oorie vroue liggaam geskryf et. Die struktuur is largely influenced dee Joe Sacco se ‘Palestine’, waa’in hy die broader storie van Palestine vetel innie form van episodic short stories. Vi die sensitiewe handling van LGBTQ themes kyk ek na ‘Death: The Time of Your Life’ dee Neil Gaiman en ‘Blue is the Warmest Colour’ dee Julie Maroh. Ek draw ook oppie wêk van Nathan Trantraal en Gert Vlok Nel se poetry, virrie way hoe hulle oo arme mense skryf, Trantraal oo Bishop Lavis, Vlok Nel oo Beaufort Wes. En oek vi hoe beide skryf innie stem wat hulle praat.

**Inhoudsopgawe**

Coco monkey: dagsorg vi rescue pups………………………6

Level 4 – Oncology……………………………………….7

Ma-Koba………………………………………………….8

Jamie……………………………………………………9

proof of life………………………………………………10

inherente…………………………………………….11

blouste…………………………………………….12

clavicle…………………………………………….13

mower…………………………………………….14

kêffie…………………………………………….15

tor…………………………………………….16

pienk…………………………………………….17

swart mark…………………………………………….18

skorrelgoed…………………………………………….19

in my kop in…………………………………………….20

mot…………………………………………….21

Lauren…………………………………………….22

Kaytlin…………………………………………….23

virrie Bell’s glas…………………………………………….24

migraine…………………………………………….25

pins en needles…………………………………………….26

fighting cocks…………………………………………….27

cashier…………………………………………….28

spinnekop…………………………………………….29

soya melk en shame…………………………………………….30

Mowgli…………………………………………….31

time to say goodbye…………………………………………….32

tinder……………………………………………………33

Dood moenie smug issie…………………………………………………34

2-2= -5…………………………………………………35

moen nettie hylie…………………………………………………36

hoekô…………………………………………………37

gebed…………………………………………………38

Cupcake…………………………………………………39

Konnichiwa Chie-san…………………………………………………40

Missus Berkland…………………………………………………41

virrie rooi sneakers van my kinnerdae wat als gesien et………………………………………………42

honne…………………………………………………43

bonfire…………………………………………………44

Oom Gideon…………………………………………………45

Mieltjie…………………………………………………46

move 37…………………………………………………47

goue pelican…………………………………………………48

iets stêker as Handy Andy…………………………………………………49

Powie…………………………………………………50

Kanakie…………………………………………………51

Liggaamstaal…………………………………………………53

**Coco monkey: dagsorg vi rescue pups**

Hendriekus en sy skoolvrinne het
hulle sexual urges met Karen explore
sy was ag
terwyl ek byte anne tak
met my winterbaadjie aan gehang was
met ôs Coco-Pops monkey
oorie muur gegooi vi bad behaviour
die wind is hard en niemand hoor my
Karen is stil saam ie outjies
innie ou fucked-up caravan agte
die baadjie se zip choke my
die antie gee ôs rooi koeldrienk
jam brood plastic koppie
grond en snot modder hande
Ouma is siek
die oom kom vannie werk en kyk
ôs – 'n litter puppies en vat sy pick
Melissa se twee jarige gesig segmented diep
lino-cuts

Karen sit haa index vinger teen haa lippe
en wys
sjuut

**Level 4 - Oncology**

so wit lig
is einlik blou
die sofas gordyne als is pienk
ruik sterile
die mense et fokol hare nie
daa lê ’n Lance Armstrong boek
nuut oppie koffietafel

ek is dronk
die kar gecrash
oppad                waarheen nou?
ek stink soos cigarettes en whisky
maa ek hou haa hand vas
is ôs beurt
al waddie dokter sê is sorry

## Ma-Koba

weet wat ek eet
    soos ek groot geword
et is wat ôs eet
    kos wat ôs like is liefde
om te weet
    hoe wil Ma-Koba nie sien
wie ek liefhet
    is ie selle soos
patats of beet

**Jamie**

ôs ammel staan innie pad
is 2:45 Sateragoggend
Kaylin en Daniel is beide soos brommers
wattie weet watte stuk kak om op te sittie
Jamie-Leigh gil
ôs is stil want
ôs het lankal ie boere gebel
maa al wat kom issie van

kruisde arms
swelde oë
dik befok
sê Nella onnedee
vra wa issie kind se ma

eventually heddie boere gekom
Nella moet ie kind oopvlek en kyk
wat weet ’n tweejarige
sy gat fokol onthou nie

die evidence is lankal weg

**proof of life**

toe jy dood is
moes ek lewe

twinnig voo tien
Vrydag nag

ek onthou nog hoe ek
oppie trappie gat sit et
in disbelief
banger as armageddon
vi middernag

met alles
in my
physical body wat negotiate
vi slaap

soos extremities extremer raak
intensify ie dowwe pyn

my hart
slaan soos ’n ou mat
teen ’n geroeste paal
om skoon te kom

ek sit en rook
en hoor Dr. Berman nog sê
smoking is a proof of life activity

die rook vul my virre moment
met iets warmer assie nag
en dan onthou ek
dooie longe kannie rookie

is vyf voor
en wanner haai klok slaan
is jy al giste dood

**inherente**

daa isse spier
onner ôs land
se maag
wat maak
datte vrou
nooit ingedagte kan weesie

it is al hoe meer
hoe meer
mense weet
al hoe minner wil weet

daa isse spier
onner ôs land
se maag
wat maak
latte vrou
altyd moet bang wees
om te kan survive

**blouste**

nierie poele
vannie ou poems
is ie blou
wat supernatural skyn

my vinger in jou iris druk
laddie punt illuminate dink ek
maa ek weet
al wat sal blink
is ie warm nat bloed

**clavicle**

haai klein been
die linker een bo
jou bors onner
jou ken
wil ek op en af lek
soosie koue lepel
van pap en smoor
ŉ vel icing oor harre metaal

**mower**

smorens
toe ek vyf raak en ek graduate
om my oupa se mower te kan ry

die guilt wat groter assie joy was
van haai reuk vannie nat gras
nie vannie reën
van gras wat nat gebloei et
omlat ek sny

**kêffie**

haai Van Rooyen
et teveel kinners gesteel

in Jo’burg moes mens byrie
venster uitklim oppe naweek
om kêffie toe te gan

virrie gum wat mee grape flavour was
asse grape itself

my pa et nooit genotice lat ek weg was
of lat ek daa wassie

net as ek veby stap van byte soos ŉ spook

**tor**

Thyssen heddie tor
ydie sandpit gehaal
en soos hyrie vlerke vesigtig aftrek
ennie tor spartel
voel ek soos met Coco-Cola
hoe my tanne stomper raak

**pienk**

soos ek sit
en try concentrate
beginte ek doodle
en dink vi myself
ek is proud
op my beslyt
ommie pienk pen
te gan koop
net voorie lockdown
en waddie psychological
implications vanne obsession
met pienk is
pienk laptop
pienk beddegoed
pienk watebottel
pienk panty

en pienk vleis

## swart mark

my ketel breek
nou toe ekkie levertjie druk
ennie president sê
ek maggie nog een
gan koop ie
is like
nie lat ek geld hettie
maa nou lat ek ie maggie
nou sal ek amper
skuld maak
omme ketel
uit spitefulgeit
te koop
oppie swart mark

**skorrelgoed**

ek’s so opgeskeep
skorrelgoed
remind my
an beach toe gan
of haai dag
innie public pool

**in my kop in**

skryf ek allie vekere goed
ek skryf ’n performance piece
’n essay oor woorde wattie moet bestaanie
’n declaration of love
’n porno
’n confession
conspiracy theories
alles behalwe
poems oor siekte
is so asof ek myself
ingesluk et
soos pare sokkies
omdop virrie kas

**mot**

in my huis is die deere
ennie vensters
heeldag
en meeste nagte oop
unsafety
lat my safe voel
maa die most notable
consequence
is lat haa
meeste vannie tyd
at least ’n paar dosyn
motte oppe slag
in elke vetrek lam
nourie dag gat sit
een in my hare tewyl
ek voorie computer sit
is erg want
ek wassie ees gestartle ie
ek was dankbaa
virrie company

**Lauren**

Lauren is so
eensaam
sy like van video call
en kyk hoe ek werk

sy sê
ôs imagine ôs sit innie Wimpy
innie smoking section
mette cream cappo
enne glas water elk
ôs kykie heeldag mense en rook

Lauren sê sy's lonely
maa einlik weet ek
sy wil gamble
sy't ses dae laas geshower
en sy vra my of ek oek stink

Lauren se vrou sê vi my
as ôs so gat blyrie heeldag
oppie foon lê gan sy
beginte jealous voel
en lag

**Kaytlin**

is baie impolite om te staar
en ek voel ie bure moes ie kinners
geleer et maa
if a tree falls in the forest…
net so kan ôs sê
suppose haai boom staan net
innie forest
maa haas niemand ommit te sienie

met die lat ek Kaytlin so elke dag
kyk terwyl ek innie son sit
innie lockdown uniform
no bra strap top baggy pants fluff slippers
at least weet iemand ek exist
en ek weet laddie wêreld nog exist

**virrie Bell's glas**

partykeer praat ek meddie glas
offit nog Charles is
niemand mag ydie glas yt drinkie
behalwe Scully
omlat hy hom liefgehad et
solank as ie glas bestaan
is Charles noggie dood ie

**migraine**

drie dae
trip ek
vanne pyn
fokken oral oor my kop
ek wonne of it my pigtails is
of te min eet
te veel lees
te veel koffie
te min koffie
te kak type koffie
koffie
te veel dink
en han dink ek
om op te hou dink
is ampe soos stoned wees
maa met pyn
ek try die blink kan bo gooi
en convince myself
is nogge affirmation of life pyn

**pins en needles**

haai dag toe ek alleen
wakker word
ennie son dryf reeds oorie
geel vannie plaas
stap ekke ent
en vra Calika
wat grawe Frank so

hy grawe ’n pit
vi in case hy oppie job
norig om te kak

ek stap met twee glase
enne jug Oros
sê Frank
in Zimbabwe was hy ’n teacher
sê ek
sorry
ek is oek ’n prisoner
maa at least mag ek
binne kak

**fighting cocks**

my pa et altyd gestop as hy byrie voordee instap
en gestaar virrie George Boys
die bouquet meddie morsige pallet knife blomme
 wat te happy was
ek et altyd gedink it sou meer sense maak
as it ie fighting cocks was
maa net assie een haan ’n hen was

ôs is net so blind soos ôs wil wees

my oupa was blind
behalwe virrie een klein kolletjie
hy moes sy kop draai
omme bietjie te sien
maa hy et altyd gesê
hoe mooi ek lyk

**cashier**

*Stay at least two arms' length from other people* – social distancing guidelines

ek pak ie appels
sy die noodles
ek wen haa
tot byrie ui
alleen gesticker
in sy sak
sy gryp my hand
accidentally maa
ek kry haa lief
sy gee my change
by teller ses
innie Spar

**spinnekop**

nourie dag is ek oppie foon
met my suster
ek sê
hoorie, ek bel jou nênou trug né
daa sitte moerse spinnekop
agte my fridge
en ek norig my foon omme foto te neem

ek kyk haa op
*Deinopidae* - *Ogre Faced spider*

dan stuur ek vi my suster ie foto
lat sy weet ekkie die foon neergesit
et van veveeldgeit ie
al was ek verveeld

**soya melk en shame**

moenie naby my staanie
ekse emotional suicide bomber
elke dag isse plan
om meaning te kry yt at least
een moment
want van ek ’n kind is
loop ek
straight innie hel in

suicide isse sonde
is wat hulle sê
my eerste attempt
was ek vier
it matter nie lat
ek gefail hettie
wat matter is lat
ek gemean et
om te succeed

ek is groot gemaak
op soya melk
en shame

daas fokol sin anne kind
wat weet is okay
ommie mee te wil lewe nie

**Mowgli**

net na Kipling jou gemaak et
het jy my gevra of jy myne is
en ek et gesê
lat ek jou en haar
innie berge
gan haal et

ek onthou
hoe jy
langsie rivier
gespeel et
oppe klip gat staan et
met jou arms so wyd
oopgegooi
lat ek dinosaur spines
ieder kant kon sien
en geskreeu
lat ek gedink et
jou ribbes gat
yt jou bors
yt bars

maa later jare heddie wêreld
jou stert afgekap
en vi jou name brands gekoop

tôlat jy een nag
hylend na my gekom et
en gesê et jy kannie slaapie
ouma sê gay mense gat hel toe
en jy sal ôs mis

**time to say goodbye**

ek was about tien jaa oud
toe ek vi Brightman
en Bocelli
oppie tv
gesien et
innie sitkamer
saam my ouers

jare later
staan ek
innie kombuis
en maak ’n koppie
soet tee
om net iets
i’my ma se lyf
te kry

soos ek roer
beginte ek suddenly
kliphard
time to say goodbye
sing tewylie trane
die hoogste note choke
ennie song ve’anner inne
agnostic umbrella prayer

toe ek by my ma kom
meddie tee
het sy my gesig lank gekyk
en gesê
ja Angelpops
it’s time to say goodbye

**tinder**

haai winter dag
wat dit tot
binne my gumboots
in gestorm et

wat ek na
’n lang dag
by jou koffie
gan soek et

toe ek byrie
dee instap en
jy spontaan combust
en geskreeu et
lat jy op
my gecheat et
meddie tinder dude

haai wassie moment
wat ek besef et
lat ek jou
altyd sal liefhê

## Dood moenie smug issie

*Death is nothing at all.*
*It does not count.*
*I have only slipped away into the next room.*
*Nothing has happened.* − Henry Scott Holland

som mense glo jy is die begin en einde
anner sê lat om dood te gan issie die einde nie
daa is mense wat al dood was en truggekom et
soes veskrikte tourists oppe township tour

ek et eemaal net genoeg Stilpane gedrink
om vi twee-en-twinnig uur te slaap
sôner om te droom
en sôner om ve’ewig te vrek
om wee op te staan
issie ultimate overdose

**2-2=5**

koffie en rook gat saam
as ekkie koffie water kook
moet ekkie sigaret klaa rol
voorie ketel se switch flip
maa ek maggie beginte rol
voorie eerste bubble surface ie
as ek fail gat ek vrek
of oppie very least
’n paar dae bad luck hê

**moen nettie hylie**

hulle sê
asse spinnekop
jou byt
sny oopie vleis
bloei it yt

hulle sê oek
moenie hylie

om te skryf
is om te bloei
sôner om te hyl

**hoekô**

ek vra jou hoekô
en virre moment
kan ek sien
lat jy sorry is
jy lat sak jou hand
jy beginte hyl
en dan raak jy
ampe daadlik
wee stil
en point dan
die gun
na my

**gebed**

ek et nooit
my hart
vi Jesus
gegee nie

maa eendag
toe my ma
my oppie bus sit
en sê lat
ekkie rede is
lat sy nie mee
wil lewe nie

toe bid ek
seblief god
lat sy vandag
haai trigger
pull

**Cupcake**

ek wonne nourie dag
lat op my oudedom
was jy lankal klaa
an kinners gedra

op vyf-en-dêrig
raak it serious
om kinners te hê
of nie te hê
is iets wat mens
mette ma discuss

ek imagine
jy sal vi my gesê et
ek aard te veel na jou
mens wille baby hê
en assit eers haa is
dan wil mens it
mostly wee weg hê

maa jy is lankal dood
voor ek jou kon vetel et
van David

sy ma isse tikkop
op vyf
kon hy noggie praatie
en ek mis hom
elke dag

**Konnichiwa Chie-san**

virrie Hello Kitty ennie
Doraemon liefde in Osaka
wil ek jare later
dankie sê

sônerie veilige handmade
bloeisel bracelets
die sneaky arcade hanne vashou
ennie stolen kisses
innie Kancho se dojo

sal ek nooit myself
leer wees hettie

**Missus Berkland**

Missus Berkland
wasse aadlike vrou
met elf honne
en een volwasse seun
en ek was honger
en sy et gesê
as jy act of jy sy tjerrie is
dan maak ek jou
elke aand
ʼn vegetarian chicken pie

en ek et geëet

**virrie rooi sneakers van my kinnerdae wat als gesien et**

toe ek nog gedink et
dat die mine dump
Benoni se enigste berg was

toe ek al tien my tone
gelyk gebreek et
en my pa gesê et
mens gannie dokter toe
vi tone nie
mens dra toe skoene
lat hulle nie wydsbeen angroei nie

toe my oom vakansies
kom kyer et
en ôs gebribe et
met sy mnet decoder
en 2l coke

toe my ma
die eerste keer
getry et
om selfmoord te pleeg
toe was ek twaalf ennie rooi sneakers te klein

op sewentien
het ek hulle toegedraai
in giftwrap
en weggegooi

**honne**

daa is honne
in ôs land
waavan die anties
meddie huise
ennie fence
ennie tuine
ennie couch
nie weet
honne
wat in sewes saam draf
honger raak
en anne honne
in sesse opeet

**bonfire**

Uncle Bannie
het vuur gemaak
en ôs sit en lyster
hoe die kinners stories vetel
ek dink nog by myself
is funny hoe die kinners
se stories altyd te doen et
meddie donkerte
en hoekom die
scary element innie storie
altyd ’n male persona et
skielik kom haa ’n moerse gil
so paar meter duskant
vannie oop stuk veld af
die jonger kinners et op iets af gekom

ek staan op en gan investigate
sodra ek haa ankom
scram die kids
gan soek seker maa comfort byrie vuur
daa tussen die lang grasse ennie
ou skoene en chip pakkies
lê ’n halwe hond
ek skrik ie ees ie
so twee weke trug et ou Max
van nomme 24 missing geraak

**Oom Gideon**

Oom Gideon
tune die ou kitaar
meddie strings
wat hie byrie head
soos insek voelers krul
en sit hom i'my skoot

hy tel die accordion op
en beginte speel
kom speel saam
maak toe jou oë
en as jy kan voel
dan kan jy speel

**Mieltjie**

Mieltjie dra
’n blom-rok
as groot Fiekie
nie kyk ie
en assie anne kinners vetel
dan skreeu hy
nee daddy daddy nee
en harloop al pad af
meddie haak-skoene an

**move 37**

die dag wat AlphaGo
die derde game
teen Lee Sedol gewen et
was particularly swaa
vi humanity

love the sinner hate the sin
ek love die sin en haat die sinner

vandag wassie laaste kee
wat ek haai battle fight
my move 37 was om te resign
teen ’n hateful sadistic god

**goue pelican**

ek hette gladde klippie
in my sak
disse brass pelican
va’my kinnerdae
wat lyk na goud
wat my suster ydie
ou hys
vi my gevat et
voorie res vannie familie
hulle ponde vleis
in silwer en doily
weg kom dra et
it was my ouma s’n

**iets stêker as Handy Andy**

ommie brains vannie muur af te was
deny laddie crime commit is
deny 'n leeftyd se struggle
en dysfunction wat follow

isse conscious effort
want Handy Andy sny nie
dee droë ooskot ie

## Powie

allie mense weet lat as ek help met honnekos
dan help ek met toemaak oek
daai issie deal
ek beg op Facebook vi geld en honnekos en
ek hou vi Law Enforcement happy met die perfect
getal toegemaakte honne
Powie wassie happy
toe ek haai dag innie Malva sy
kos gat drop et ie
niemand speel innie Malva nie
even ie mense wat daa bly
is bang om
haa te loop
ek was alleen inne alley in Malva
straat saamie 26 nomme 1 kaptein
ek gat vi jou in jou poes in naai
lat Powie my wiet
ek het die twee daggers wat my nefie jare trug
vi my gegee et
yt my bra strap gegryp
die een teen sy nek gedruk ennie anne een diep
in sy regte skouer begrawe
it was so skielik
lat ek it self ie vewag et ie maa ek het kans
gehad om weg te hol
later haai aand kyk ek ie daggers
so tewyl Nuschka al lê en slaap
en wonne stilletjies of
Powie ooit sal vegiewe vi
wat ek an hom gedoen et

**Kanakie**

ek et vi Kanakie ontmoet toe hy een dag
by my hys pitch met sy hond
na dai het ek altyd bietjie herb gan roek met hom
as ek in sy omtes was
hy vetel my een nag
suste ek droem ampe elke nag
lat ek inne marrawanna plantasie staan
die mooiste gesondste plante
groot marrawanna issie kosbaaste van allie krye
dié lat ek my kind Mara-Johanna genoem et
isse blessing
jy wiet ie manskappe raak soe aggressive
vannie wyn en mal vannie tik
maa as hulle ammel bietjie van
hierie geroek et was haa vriede hie innie Kylemore

een nag laat bel Kanakie my hy sê it
gan hom most probably sy lewe kos
maa sy kar loop ie en hy norig lat ek
ko vi hom poliesstasie toe vat
vannie jong gangsters et sy hond
gesteel en hom lat fight hy wille saak maak
toe ôs byrie cops kom het hulle
gewyer omme saak te maak
hulle is familie van een vannie ouens waddie hond
gesteel et
Kanakie het vedwyn en na twee weke kry
ek ydie bloute ’n boodskap van hom
hy is haai next dag na ôs byrie
cops was deerie boere opgetel vi
anranding
die kids et truggekom
om sy satellite dish te steel en toe
hy hulle met bakstene gooi gan maak
die donners ’n saak
Hyt vi twee weke innie
Drakenstein Correctional Centre
gemang maa is orraait wan at least is dit
waa Mandela oek gemang et
die worst part was lat ’n aya nie mag vleis
eetie so al wat hulle vi hom elke dag
geskep et was vleis en een sny brood

**Liggaamstaal**


liggaamstaal en eye
contact maak allie
difference in Kylemore

like as ek yt my hys yt stap
en ek sê ek gan Sondela se winkel toe
wan ek norig ’n ui
dan norig ek obviously ’n ui

maa as ek sê ek gan winkel toe
mette sekere kyk op my gesig
en ek sê ek gan winkel toe

dan weet ammel
ek gat actually bietjie chill

bietjie deerie vloe val


Wille dagga
Liesel Kruger
2020

Inhoud


1. Goue pelican..............................1

2. oncology ..............................2

3. Voo Kylemore ..............................3

4. tinder ..............................5

5. ôs groot move ..............................6

6. Honne ..............................9

7. Wish you were here ..............................12

8. Kanakie ..............................15

9. Haakskoene ..............................17


10. Powie ..............................18

11. Liggaamstaal..............................19

12. Daas fokkol voëls ..............................20




# Goue pelican



# ONCOLOGY




SO WIT LIG
IS EINLIK BLOU
IE SOFAS GORDYNE ALS
IS PIENK
RUIK STERILE
IE MENSE HET FOKOL
HARE NIE
DA LÊ 'N LANCE

ARMSTRONG BOEK NUUT
OPPIE KOFFIETAFEL

EK IS DRONK
IE KAR GECRASH
OPPAD
WAAHEEN

NOU?
EK STINK SOOS
CIGARETTES EN WHISKY
MAA EK HOU HAA HAND VAS
IS ONS BEURT
AL WAT DIE DOKTER SÊ IS
SORRY


die book restorer van Stellenbosch
ennie drama teacher vannie Strand
'n girl wat try weghalloop vanne pa watte pimp is enne overcompensating enkel ma
burlesque shows
nagte syp en dans
Voo Kylemore




naweke oppie beach

part time dog training

'n break up 'n affair 'n
make up

ennie eventual realization lat ons oorie
jare 'n kakhys vol honne en katte collect
et wat ons respective hyse overpopulate



9:41 PM
100%
tinder
haai winter dag
wat dit tot
binne my gumboots
in gestorm et


wat ek na
'n lang dag
by jou koffie
gan soek et

toe ek byrie
deur instap en
jy spontaan combust
en geskreeu et
lat jy op
my gecheat et
meddie tinder dude

haai wassie moment
wat ek besef et
lat ek jou
altyd sal liefhê
1 million miles away



na jare van apart bly
et ek en sy beslyt
om ons
geld
en ons
honne
en ons
liefde
bymekaa te gooi
it wasse mission omme plek in Stellenbosch
te kry oppe budget toe kom ek eendag
op klomp listings vi Kylemore net byte
Stellenbosch af een hys vang my interest
rent was net oorie R7000
property24
AVAILABLE: 01 NOV
volgenne dag bel
ek somme vroeg ie
estate agent, stel myself
voo en organize 'n viewing
R 14 500
2 Bedroom House in Kylemore
RealNet
Dis reg, more middag
om 17h00. Maar jy weet
die huis is in 'n kleurling-
area, né?


my oog vang ie fireplace ennie stillewe bo it, meddie goue raam haai fireplace et nog nooit vuur gemaak ie is te skoon
die owner en haa man is baie privaat mense. ôs noem hulle maa Anthony en Lecilin Lawrence
"Ons enigste bekommernis is dat julle... wel... wit is. Daar is 'elemente' in Kylemore."



nalat ôs vi Lecilin veseker et lat ons ie cops sal bel assie kinners tik rook voorie hys en lat ons honne fully house trained is het sy ingestem lat ons ie plek huur
LEASE
20 ERASMUS STR
KYLEMORE
NUSCHKA
LIESEL



vier
slaapkamers
vyf toilets
toe jaart
virrie honne
double story
ennie berge
ôs heddie credit check gepass,
maa die owner wou ons haai vogenne week
meet om finaal te beslyt of ons ie plek kry



NATIONAL
TRAILER
RENTAL
082 921 5121
www.natrail.co.za
ONE WAY
RENTALS:
ALL MAJOR
CENTRES
IN SOUTH
AFRICA
meddie intrap slag kan
mens voel hoe
fancy hierie mense is
ek worry late ek stink
oor ek innie kar
oppad gerook et



HONNE
op vier was David nog stom, maa die eeste woorde wat hy vi my gesê et was my naam ennie tweede...
Angel
Angel was sy enigste vriend en net soos David het sy elke dag innie pad gespeel
daa is honne in Kylemore wat honge ly of vrek van gif
honne wat vrek van distemper boslyskoors of mange


een vannie mooiste qualities vannie ghetto is laddie meeste honne vry rondharloop
die pitbulls wat constantly werpsels ytstoot vi vekoop.
puppies wat gebore word innie middle van nêrens en an niemand behoot.
daa is families wat sukkel maa mee as genoeg liefde meeste honne innie ghetto is happy honne
maa toerie taxi vi Angel trap haa been mors afbreek ennie animal welfare haa kom haal et het hulle nie ees vi David gesien toe hulle sê:
Hoekom was die hond nie in 'n toe jaart nie?!


"She's too nice a dog to live here."


hie waa David bly


daa is honne
in ons land
waavan ie anties
meddie huise
ennie fence'e
ennie tuine
ennie couches
nie wiet
honne
wat in sewes saam
draf honge raak
en anne honne
in sesse opeet




Wish you were here

21F Lincoln St. Mankato City
Mankato
Tel #: +54-123-456789
stevensoncompanies.com



SKIELIK KOM HAA N MOERSE GIL
SO PAAR METER DUSKANT
VANNIE OOP STUK VELD AF
DIE JONGER KINNERS ET OP IETS AF GEKOM
EK STAAN OP EN GAN INVESTIGATE
SODRA EK HAA ANKOM SCRAM DIE KIDS
GAN SOEK SEKER MAA COMFORT
BYRIE VUUR DAA TUSSEN DIE LANG
GRASSE ENNIE OU SKOENE EN CHIP PAKKIES
LÊ N HALWE HOND
EK SKRIK IE EES IE SO TWEE WEKE TRUG
ET OU MAX VAN NOMME 24
MISSING GERAAK

Follow us:
facebook.com/sophia
instagram.com/sophia
pinterest.com/sophia

Tel #: +54-123-456789
xelajordanphotography.com



21F Lincoln St. Mankato City Mankato

MIELTJIE DRA N BLOM ROK

AS GROOT FIEKIE NIE KYK IE

EN ASSIE ANNE KINNERS VETEL

DAN SKREEU HY

NEE DADDY DADDY NEE

EN HARLOOP AL PAD AF

MEDDIE HAAK SKOENE AN






OOM GIDEON
TUNE DIE OU KITAAR
MEDDIE STRINGS
WAT HIE BYRIE HEAD
SOOS INSEK VOELERS KRUL
EN SIT HOM I MY SKOOT
HY TEL DIE ACCORDION OP
EN BEGINTE SPEEL
KOM SPEEL SAAM
MAAK TOE JOU OË
EN AS JY KAN VOEL
DAN KAN JY SPEEL

21F Lincoln St. Manka








ek et vi Kanakie ontmoet toe hy
een dag by my hys pitch met sy hond

na dai het ek altyd bietjie gan roek saam met
hom as ek in sy omtes was hy vetel my een nag:



suste ek droem ampe elke nag lat ek inne marrawanna plantasie
staan die mooiste gesondste plante groot! marrawanna issie
kosbaaste van allie krye dié lat ek my kind Mara-Johanna genoem
it isse blessing jy wiet ie manskappe raak soe aggressive
vannie wyn en mal vannie tik maa as hulle ammel bietjie van
hierie geroek et was haa vriede hie innie Kylemore



een nag laat bel Kanakie my hy sê it
gan hom most probably sy lewe kos
maa sy kar loop ie en hy norig lat
ek vi hom poliesstasie toe vat.
vannie jong gangsters et sy hond
gesteel en hom lat fight hy wille saak
maak
toe ôs byrie cops kom et hulle
gewyer omme saak te maak
hulle is
familie va een vannie ouens waddie hond
gesteel et

Kanakie het vedwyn en na twee weke kry
ek ydie bloute 'n boodskap van hom
hy is haai next dag na ons byrie
cops was deurie boere opgetel vi
anranding
die kids et truggekom
om sy satellite dish te steel en toe
hy hulle met bakstene gooi gan maak
ie donners 'n saak
hy't vi twee weke innie
drakenstein correctional centre
gemang maa is orraait wan at least is dit
waa Mandela ok gemang et
die worst part was lat 'n aya nie mag vleis
eetie, so al wat hulle vi hom elke dag
geskep et was vleis en een sny brood

baie mense moan
oorie kinners vandag se dae
net oppie fone ennie tablets is
maa by ons

speel ie kinners so innie pad
lat daa nie ees tyd is
vi die wat skooltoe gan
om hulle skoene yt te trek ie




allie mense weet lat as ek help met honnekos dan help ek met toemaak ok daai issie deal ek beg op Facebook vi geld en honnekos en ek hou vi law enforcement happy met die perfect getal toegemaakte honne
niemand speel innie Malva nie even ie mense wat daa bly is bang om haa te loop ek was alleen inne alley in Malva straat saam ie 26 nomme 1 kaptein
Powie wassie happy toe ek haai dag innie Malva sy kos gat drop et ie
"Ek gat vi jou in jou poes in naai."
ek heddie twie daggers wat my nefie jare trug vi my gegee et yt my bra strap gegryp die een teen sy nek gedruk ennie anne een diep in sy regte skouer begrawe it was soe skielik lat ek it self ie vewag et ie maa ek het kans gehad om weg te hol


later haai aand kyk ek ie daggers soe tewyl Nuschka al lê en slaap en wonne stilletjies of Powie ooit sal vegiewe wat ek an hom gedoen et










# Liggaamstaal


daas fokol voëls
in ôs straat.


godsewaarheid
ek kannie die kak
opmaak ie.




maa skoenlappers
assie onkryte innie
veld oorkant ons blom.

Part B: Portfolio

# Portfolio

Submitted in partial fulfilment of the requirements for the degree of

**Master of Arts in Creative Writing**

of

Rhodes University

by

**Liesel Hilge Kruger**

**November 2020**

**Inhoud**

Inleiding Reflective Journals

Die laaste Reflective Journal Poetics Essay

Book Reviews.

**Inleiding**

By my portfolio slyt ek in ’n summary van my reflective journals oorie weke, chronologically. Specifically, meddie taalgebryk unedited om virrie leser/examiner te illustrate hoerie gebryk van taal gemorph et van mostly standaard Afrikaans na ’n mee personal, authentic vorm van Kaaps. My laaste reflective journal cover my understanding en thoughts rondom ie reader’s report se comments op my thesis draft en hoe ek beplan ommie challenges te ookom. Ook ’n general reflection oppie course en hoe it my writing improve et. Laastens include ek my Poetics essay en my vie book reviews.

**Reflective Journal Week 6**

Die week (en jaar se seminars) skop af met 'Fierce Writing' deur Kerry Hammerton.

Ons begin met 'To the Man Who Shouted "I Like Pork Fried Rice" at Me on the Street' deur Franny Choi. Choi kry dit reg om 'n aesthetically netjiese poem te skryf terwyl die inhoud baie kras is. Die tipografie herinner my selfs aan take-away bokse. Die kontras tussen inhoud en struktuur beklemtoon die inhoud even meer.

Dan, in die sewende stanza, wyk sy heeltemal van die norm wat sy in die vorige stanzas skep.

Sy skrywe:

"what does it

taste like: revenge"

Hiermee trek sy my aandag na die abrupt verandering in mood. Sy wys vir die leser Kyk! Ek kry my revenge, wat heeltemal in kontras is met die sarkastiese vertelling vanuit die perspektief van 'n victim in die eerste 6 stanzas.

Ek geniet hier die spel met upper-en-lower case ook. Die tipografie en dan die totale afwyking daarvan. Wat ek uit die poem neem of mee kan eksperimenteer is juis daai spel met spasie.

'What Jimmy Taught Me' deur Harmony Holiday is waar ek 'n antwoord op 'n long - standing vraag gekry het - Hoe om te skryf oor die shit wat my regtig disturb. Ek skryf al jare dieselfde poems, sugarcoated met beautiful beelde. Ek vind dit problematic om te skrywe oor topics wat mense dalk as controversial sien of oor goed wat persoonlik met my gebeur het of affect, byvoorbeeld gender en sexual identity topics.

Harmony Holiday doen daai deur haarself eers te distance. Sy verwys na haar pa as Jimmy, net op die naam, non-familial.

In Malika Booker se poem 'Pepper Sauce' kom ons nou genuine by FIERCE writing. Daar is tegnieke wat ek admire, byvoorbeeld, dat sy die gedig gewoon en pleasant begin en dan eers by die agste reël van die eerste stanza kom mens agter dat iets sinister aangaan. Wat ek uit die poem vat is dat dit okay is om unacceptable shit te sê soos wat ek dit dink.

"I hear she scoop that pepper sauce out of a white enamel bowl, and pack it deep into she granddaughter's pussy, I hear there was one piece of screaming in the house that day." Daai drie lyne gee my die courage om meer honestly te skryf.

Ons assignments en die feedback group was die hoogtepunt van die week. Ek let op 'n paar aspects:

- Dis possible om te skryf op command - 'n skill wat ek excited is om in te oefen.
- Om my eie werk te edit is 'n bitch. Ek het 'n tipe blindness experience.
- Nie so scary om dit voor ander te lees of om negative feedback te kry nie. In fact, ek was maar te bly vir die constructive criticism.
- Almal se feedback apply op almal se writing. Alles wat gesê is, even wanneer dit iemand anders se werk is, is relevant vir my.
- Goed wat ek geleer het:

1. Die poem wat ek gedink het die kakste was, was actually my sterkste, ek moet my darlings beginte kill.
2. Die title en slot moet connected wees.
3. Don't hold back. It voel nie te kak om eerlik te skryf nie, dis necessary.

**Reflective Journal Week 7**

Maandag seminar: 'Writing the Body' deur Stacy Hardy.

Daar isse groot disconnect tussen my body en my writing. Hierie is dalk 'n cure op my aversion tot writing my body. Wat is die physical effect van emotion op my liggaam?

Die body mapping activity was interesting. Ons moes ons bodies outline en skryf wat met ons bodies aangaan.

Ek teken my body outline automatically in fetal position, which I find interesting. Met wat ek geskryf het kan ek sien hoe ek potentially my physical experiences explicitly as writing tools kan gebruik. Die week se assignment is 'n moerse challenge, ek besef ek is gebrainwash om physicality te omit. Ek leer dinge articulate soos nooit te vore. Dit maak my uncomfortable en vulnerable. En in daai discomfort vind ek growth.

Ek is gewoond daaraan om typically kort, cryptic poems te skryf. As ek meer na prose-poetry (waar omskrywing meer na die voorgrond move) gaan neig, ter wille van my graphic project gaan die skill van 'writing the body' my erg benefit.

Woensdag se Kaaps session was vir my interesting oor:

1. die boeke wat ons discuss het.
2. die discussions oor elements wat deel vorm van my specific use van taal.
3. hoe dit interpret kan word in conjunction met anner elements.

Ek raak bewus van ’n issue wat my diep raak en wat ek ook moet face ten opsigte van die milieu van my graphic novel: racial recognition. ’n Wit participant in die klas kyk na amper elke expression van sy controversial racial experience vir my en vra of ek ook so voel, dit ook vind in my lewe as wit mens. Ons lived experience is definitely nie dieselfde nie, en ek kan nog nie verwoord wat hierdie mens se need om, based op skin colour, met my te identify, aan my doen nie. Ter wille van my graphic novel, is hierdie feelings worth exploring. Ek sien hierdie challenge in ’n positive light, dis goed op die stadium om hiermee confront te word. Hierdie is nie soseer ’n issue wat ek nou op ’n personal level (though, is dalk unavoidable) wil tackle nie. It gaan meer oor hoe my leser dalk my werk gaan ervaar en wat is die leser se point of view? Wie is die leser?

In my eerste official graphic novel session bespreek ons wat my reading material sal wees en ek ontvang my eerste paar films/graphic novels ens. Deel van die discussion

was ook die verskil tussen poetry skryf en skryf vir ’n graphic novel. Met die graphic novel kan mens dinge baie duidelik sê en ander goed hoef mens nou weer glad nie te sê nie, die images sal ook die storyline convey. Dis obvious, maar moet ingeoefen word. My idees rondom die storie(s) wat ek wil vertel en hoe, is besig om te vorm. Ek wil experiment met verskeie forms en media terwyl ek seker moet maak dat ek nie my reader gaan overwhelm en overload met variety nie.

Vir die assignment het ek ’n prose stuk gelees en moerse goeie feedback gekry. En, ek het effectively oor die body geskryf! ’n Paar voorbeelde van die images wat ek gemanage het om vas te vang is:

“Ek kon nog nooit Fizzers eet nie. Die main ingredient is eier. Dis ’n probleem met my allergies. Maar ek imagine dat my liggaam daai dag soos ’n Fizzer was…”, “...growwe gorilla voete wat suffer in een size te klein charity shop sandals.”

“Sy vat aan my arm en ek is ’n instant amputee.”

Ek reken humans dink anyway in metaphors. Ek sal hierdie eerste prosa stuk wat ek die jaar geskryf het, onthou as die moment wat ek besef het dat ek nie net ’n poet is nie.

**Reflective Journal Week 8**

Maandag seminaar met Mxolisi Nyezwa: “Writing silence – the weirdness and poetics of trees and oceans: Writers will be encouraged to find, identify their own places of silence and write from their re-imaginings of these places.”

Ek word al meer bewus dat die kursus vra van mens om uit comfort zones te move. Na ’n hele lewe van op my plek en reserved wees, vind ek die proses van my mind unchain moeilik. Maar ek sien tog dit kom, die ability om te skryf oor topics wat ek voorheen avoid het.

Ons Kaaps session was baie insiggewend die week. Ons het onder andere in detail gekyk na Adam Small. Hoe hy in Kaaps geskryf het. Is dit authentic of nie? Hoe kyk ek nadese na hom? Ek dink Adam Small het aan die veilige kant gebly met baie conservative Kaapse language. Daarom dink ek nie dit was completely authentic nie, maar ek kannie met absolute certainty sê nie, want maybe het Kaaps soveel anners en conservative geklink daai tyd.

Ons het ook gekyk na Pieter Blum, die Kaaps digter wie se moedertaal nie Kaaps was nie. Die lees en discussion van sy gedig “Oor monnemente gepraat” is vir my veral applicable op my eie writing omdat ek probably mense wie se Kaaps van my eie verskil in my graphic novel gaan ‘aanhaal’ in dialogue. Blum skryf soos hy dit gehoor het by ander m.a.w. authentic – want die skrywer is honest en claim nie mother tongue-kundigheid nie. Is ook obvious dat die dialect wat hy gebruik ’n mix is van ’n paar ander dialects.

Die week se graphic novel session het ons verskeie graphic artists/writers bespreek. Twee boeke wat vir my uitstaan is *Palestine* deur Joe Sacco en *Waltz with Bashir: a Lebanon War Story deur* Ari Folman en David Polonsky.

Die eerste het Nathan Trantraal recommend, nie soseer vir die art nie, maar vir inhoud en writing style.

Met *Waltz with Bashir: a Lebanon War Story* was dit die illustrations wat my heel eerste gelok het. Though dit nie exactly die styl is wat ek in my graphic novel wil gebruik nie, het dit elemente daarvan in omdat ek foto’s ook gaan gebruik. Dit blyk it is ook moontlik om verskeie methods van illustrasie te gebruik in een beeld sonder om ’n visually overstimulating eindproduk te hê en dit excite my.

Ek is tans besig om *Fun Home: A Family Tragicomic* deur Alison Bechdel te lees. Ek hou sover van haar way van vertel. Ek hou ook van hoe sy gekies het om haar boek so duidelik in chapters te verdeel (dit create baie clear pauses) en hoe sy geweldig baie captions gebruik om haar storie te vertel.

**Reflective Journal Week 9**

The only writing is rewriting. Hierdie is ʼn interesting idea wat die pressure om consistently original te wees wegvat. Die voorbeelde wat Nathan Trantraal gebruik het om die rewriting

van existing texts te illustrate het rerig die punt deurgedring. ‘Solomon’s Wise Judgment’ (uit die Bybel) en ‘Popular Mechanics’ deur Raymond Carver wys hoe Carver inspirasie gevat het uit die eerste text om ’n completely different storie te vertel.

Ek is verlig dat ons dié seminar nou gehad het, om future freak-outs ten opsigte van inspirasie kry by ander texts en authors te voorkom. En op ’n filosofiese level moet mens ook toegee dat alles al in elk geval gesê is, is dalk wie dit sê en hoe dit gesê word wat dit oorspronklik en nuut gaan maak.

In ons Kaaps sessions discuss ons goed wat mens genuine laat dink. Goed waaoor mens absolutely móét dink. Die belangrikste ding wat ek die week vat uit die session is die vrae:

1. Wat is die ratio tussen die Afrikaans en Engelse woorde wat ek gebruik?
2. Impact dit die rhythm van my writing positively?

Hierie is nou iets wat ek sal explore deurie loop vannie jaar. Ek skryf die taal soos ek dit praat, maar hoe ek skryf develop nog omdat ek/ ons (alle Kaaps skrywers) so lank geforce gevoel het om in standaard Afrikaans te skryf.

In graphics het ons die week meer gefocus op actual hardware en software necessities. Hoe om beter met Photoshop en Clip Studio Paint (drawing software) te werk. En hoe om met ʼn Wacom tablet te teken. Besides die obvious boeke (fine art, graphic novels etc.) wat ek moet raadpleeg as resources, was dit ook baie belangrik dat ons die week sit en besluit op die regte software vir my graphic novel. Ons moes ook ’n paar technical goed fine tune met my Wacom tablet en die software.

**Reflective Journal Week 10**

Die week se seminaar met Paul Mason was oor die hero’s journey. Dis ʼn pivotal ding om te leer as mens narrative wil skryf. Ek het dit ook baie gelike dat Paul visual shit include het (diagrams) om die hero’s journey te illustrate!

In die extract wat ons uit *The Beautyful Ones Are Not Yet Born* deur Ayi Kwei Armah gelees het kon ek ʼn korrelasie trek tussen:

1. die in-depth beskrywing van die banister;
2. Stacy Hardy se seminar ‘Writing the Body’; en
3. die handout wat ons by die week se poetry reading group gekry het, met die beskrywings van objects.

Ek note die descriptive writing omdat ek kan sien dat ek dit in my eie writing incorporate lately.

In my graphic session het ons die week gefocus op Osamo Tezuka (die godfather van Manga) se adaptation van *Crime and Punishment* deur Dostoevsky.

Die bulk van wat ek die week experience ten opsigte van die course is internal. Emotional. Maar dit relate sterk met die course en my writing in general.

**Reflective Journal Week 11**

Marike Beyers se seminar was vir my van die highest value sover. Dit was extremely well-structured. Ek dink maybe was deel van haar efficiency dat ons al Donnerdag by die poetry session haa hand-out gekry het, met die opdrag om dit goed deur te lees en ons drie favourites uit die vesameling te kies. Die twee wat vir my om te ewe uit gestaan het was 'To my Room' deur Robert Berold en 'Ode to the Tomato' deur Pablo Neruda.

In veral 'Ode to my Room' vind ek most interesting die skrywer se verhouding met die vertrek. Is even vir my bietjie romanties. Dit resonate sterk met my omdat dit na iets point waar in ek voel ek baie capable is, maar nie genoeg intap ie. Dis ŉ tipe verromantisering van objects en subsequently die self en die self se memories. Om met objects te interact is vir my ŉ baie striking en effective way om memory op te roep in poetry.

Die seminar het my ook meer aware gemaak om te skryf op ŉ sensory level. Om spaces te create en values te heg aan objects waarmee die leser sterker kan identify.

Vir graphics het ek die week na *AX Volume 1: A collection of alternative manga* deur Sean Michael Wilson (editor) gekyk.

Dit het angesluit by vorige lesse. Maar ŉ dieper kyk na genre in Japanese comics. Ek het na die illustrations maar ook die topics gekyk. Dis extreme diversity in style in die

stories en geen overriding theme nie. Omdat ek nog speel met idees oor hoe ek my graphic novel wil portray, doen ek nog research en sien waar ek my inspiration gaan pull. Hoe ek my stories gaan vertel. Wat is off-topic? Is enige iets off-limits? Ek dinkie so nie.

In Kaaps het ons ŉ paar texts gekry om te lees, specifically om te kyk hoe skrywers moeilike of persoonlike topics handle. In 'Angela's Ashes' deur Frank McCourt praat die jong karakter specifically oor masturbasie. En al is die telling nogal matter of fact, euphemise hy dit dikwels in die text. Bv. deurie woord 'interfering' in stede net plain masturbation te gebruik:

"I can't stop interfering with myself. I pray to the Virgin Mary and tell her I'm sorry I put her Son back on the cross and I'll never do it again but I can't help myself and swear I'll go to confession and after that, surely after that, I'll never never do it again."

In Ronelda Kamfer se poetry sien ek nou weer, sy draai zero doekies om. Sy sê dit soos it is, bv.

"ek was nog altyd

'n recovering iets

een of ander drug-related

self-harm-related sad siekte

die waarheid is

ek is

’n selfvernietigende

fokkop of note”

Ommie moeilike goed te skryf of nie, om dit te deel of nie, om dit te gebruik vir assignments of nie is iets wat my al so drie weke kwel. So ek is baie dankbaar die topic het in Kaaps opgekom.

Ek glo nie elke poem hoef ŉ moment van extreme self-exposure te capture nie. Soos ek gesien het met die week se seminar kan ŉ poem oor ŉ alledaagse object extremely interesting wees, sonder om te internalised te wees. Ek dink ek sal tog oorweeg om die meer personal writing te skryf.

**Reflective Journal Week 13**

Op writing in isolation – ons writing gan noodwendig affected wees. Ek meen okkie ons gan necessarily direk skryf oor Covid19 ie. Maa ek kan al klaa sien hoe my writing die week ve’anner et. Ek kyk anners na dinge byte myself. Ek voel dinge binne myself meer intens. Ek voel empathy even, iets waamee ek nogal nog altyd grapple. Daa isse tenderness en longing innie writing wat ek nie voorheen gehad het ie.

Die week het ek ok baie gedink an my graphics. Innie konteks vannie split wat ons maak in taal en genre. En wat it beteken in my graphic novel.

Ek speel met die idea om poetry in my captions in te werk. Innie community waa die novel afspeel kry jyrie uncle wat rondloop en god’s honest ŉ hele gesprek maak om net te vra virre paa snye brood maarie hele conversation isse monologue en ŉ total poem. En watever jy respond oppie einde van haai conversation, jy weet jy het nou net willingly of unwilling contribute toddie einde van sy poem.

Ek beplan ŉ traditional layout style (hierie mag dalk change), met foto’s en ŉ paar illustrations, dan dialogue en plain captions en poetry. Ek het lank gedink of it te besig gan voel, maa sover lykit actually balanced.

**Reflective Journal Week 14**

Ek het gesukkel meddie essay. Dis rerig nie vi my ŉ natural thing om ŉ essay te skryfie. Ek weetie of ek myself behoorlik express ie, of it even sin maakie. Of my sinne orraait construct issie. Issie grootste challenge sover innie kursus. Self-doubt isse massive probleem. Ek het comfort gevind in drawing die week at least. Om bietjie relief en distraction te hê is great.

**Reflective Journal Week 15**

Die week was moeilik meddie essay. Holding back: ja, ek doen baie van daai. En ek try nog uitfigure hoekom. Alles voel tot ŉ mate te personal vi my. Asof ek so bietjie wil gee maa nie als ie. Ek suppose is ie discomfort wat kom meddie skryf wat ek einlik moes expect. Ek het beginte skryf oor alles. Die eerste ding is sexuality. Ek is nie closeted ie. Even so, issie fear om enige iets te doen met my sexuality te skryf crippling. Ek weetie waa'om it so ŉ issue issie. Dan, sexual assault. Is ŉ major onnerwerp vi my om te oorkom. En wil ek amper sê iets wat ek moet oopskryf voorlat ek honestly kan skryf oorrie anner goed. En Kylemore. Kylemore isse huge feature in my writing. Daa is themes within themes. Die stories stop nooit. It koppel mette anner issue.

Ek moet leer om meer storytelling in my poems te incorporate instede van net die usual cryptic style wat ek al vi jare in val. Hierie is specifically sodat ek ŉ poetic narrative inne graphic novel kan werk. It hoefie eers proper prose poems te wees ie. Solank haa net ŉ meer narrative quality daa an is.

Die week het ek ook gekyk na die graphic art van José O. Ladrönn. Ek hettie specifically na sy artwork gekykie. Alhoewel ek haavan hou, issit nie exactly wat ek beoog nie. Maa ek het gekyk wel na van sy backgrounds. Die actual agtegrond in van sy drawings. Ve-al in 'Inhumans'. It kan baie 'busy' wees. Isse technique wat ek graag sal incorporate in my eie werk. Dalk op ŉ way drawing contrast met foto's deels deur middel vannie background.

**Reflective Journal Week 16**

Die graphics seminar het ek rerig geniet. Vi my wassit baie oor pushing boundaries. Iets wat ek baie norig het. Die hele consep van fumetti neri vind ek interesting ennie examples van *Diabolik* en *Kriminal* was effective en het my assignment help shape. Die idee lat die protagonist ŉ remorseless killer kan wees is nogal mind-blowing. Also, as mens kyk na vroeë Suid-Afrikaanse fotoverhaal - waa mens subtle eluded hints van sex, phallic imagery, violence, politics, ens. kry.

So het ek my assignment probeer model op wat ek kan gather van black comics. Harsh, obscene topics met ŉ protoganist wat nie wholesome is nie. Ek het ook ie element van satire ge-add en ŉ fictional world create. Tog, met Nathan Trantraal se feedback lat ek nog steeds terughou, het ek besef hy is reg.

In Kaaps het ôs twee stukke gelees, 'Spin Dokters' en 'Die internet is ŉ lewensreg' (Olivia Coetzee). Dit was uit ŉ tipe collaborated online diary.

Die eerste ding waaoor ek gedink het, voor ek gehoor het wat Nathan wil hê ôs moet op reflect, wassie verskil tussen ie twee stukke. Ennit bring my op daai reflection: Writing during a time of crisis.

Beide die stukke dink ek is valid. Niemand gan any time soon vergeet van Covid19 nie, en allie literature wat daa uit kom gan tot ʼn greater or lesser degree historical pieces word vannie tyd waa in ôs nou lewe.

'Spin Dokters', is vi my mee ʼn personal account van waddie skrywer deurmaak en hoe die Coronavirus hulle nou personally affect, mostly − die storie wat hulle spin ommie kid veilig te hou basically.

'Die internet is ʼn lewensreg' is meer virre community geskryf. Dit isse protest stuk. Dit deal met die belangrike vraag van hoe ongeletterde ouers nou suddenly hulle kids moet beginte home school tydens lockdown ens. Ennie concerns in terme van sommige communities se access toddie internet en technology.

As ôs nou ʼn moment vi Corona vergeet though, dan issie groter vrae: Wat issie purpose van art? Issie nature of art decadent?

Eerstens, ek heddie naweek ʼn performance art piece deur Marina Abramovich weer opgesoek. Ek wou einlik weer ie *The Artist is Present* documentary revisit. Maa toe pop 'Art must be beautiful' eerste op.

Ennit het met my geclick in relation tot hierie presiese vrae waaoor ek wonner

Nou ôs amal weet Abramovic suffer altyd vir haa art. Ennie art is defnitief mostly nie beautiful nie. En dis die exact punt hie (my view). Sy sal literally al haa basic human needs sacrifice omlat kuns haa greatest need is.

Vannie artist se perspective issie nature van art nie decadent nie.

Vannie viewer se perspective ookie, en is net my gevoel. Maa art exist baie selde, of nooit net om te please nie. In fact, ek dink meeste art bring discomfort. As ek refer na art dan mean ek alle forms. Innie assignment wat Mxolisi Nyezwa vi ôs gegee het, het ek restrictions en freedoms ervaar.

Ek het op kolle terwyl ek geskryf het truly let go en net woorde neergesit sôner om te worry.

**Reflective Journal Week 17**

Hierie week was vi my ʼn personal hoogtepunt innie course. Iets major het geclick. Maa dinge beginte nou alle ruk in plek val, sorie process is vi my soos ʼn rat wat draai. So ek wil einlik die week mostly focus oppie impak waddie process het.

Eerstens wassie seminar probably ie beste wat ek tot nou innie course gehad het. Specifically, vi my omlat writing less iets wat ek an gewoond is. Maa ek heddie seminar twee kee geluister en wat Hleze Kunju wou hê, soos ekkit vestaan het, is poems sonner excess, en ryk an images

en sensory elements. En ek et genuine baie tyd gespend om te try uitfigure exactly wat ek van myself wou hê virrie assignment.

Is all good en well om te identify asse poet wat kort en cryptic skryf mette paar unique flairs. My style is so half al klaa 'less is more', maa soos ek nou alle ruk praat.

Ek wil meer accessible wees virrie leser. Cryptic isse anner way van sê, lat ek altyd try safe wees het deur te sê laddie interpretation van my poetry totally die reader se responsibility is. Isse way om my eie lived-experience, assie poet, amper irrelevant te maak. Ennit kom uite plek van extreme fear.

Die goeie ding is, ek kan voel ek shake haai fear nou finally. Issit oor ek so baie skryf en gewoond raak annie feeling van honest writing? Of issit oorie Bukowski wat ek myself in gedrown et die week? Bukowski is probably die beste om te lees as mens honest poetry wil lees. Ek is goed bekend met sy werk, maa dink hierie week het ek 'met nuwe oë' gelees.

In ôs reading hierie week het twee poems vi my uitgestaan. Die een is 'Donker-gat' dee Mzwandile Matwana. Obviously ŉ interesting poem virrie inhoud, really ŉ binne-

kyk na hoedie gangs operate innie tronk. Maa vi my personally nog mee interesting oor hoe skokkend honest ie vertelling is. En ook hoe die poet ie story vertel. Isse poem, maa isse hele storie. Die anner poem wat vi my belangrik was innie reading is 'Old Age Centre' deu Mzi Mahola. Is ampere universally relatable poem. Die poem beskryf soveel mense se experience met aging loved ones en old age homes of even bv. Staat mental asylums. Ek het bv. ŉ antie gehad inne staatsmalhuis enne experience van haa sien innie plek is baie soos wat hierie poem beskryf. Meer as my oupa innie old age home. Goes to show, mens kan even ŉ storie like en honestly skryf en readers gannit nog steeds kan interpret volgens hulle eie lived-experience.

Ek het ook *Death the Time of Your Life* deu Neil Gaiman, se eerste volume gelees. ŉ graphic novel. Die eerste ding wat ek notice is hoe entire blocks innie layout sommer vi die captions gebruik word. Dis nogal interesting. En ek is mal oor hoe daa met perspective innie actual art gespeel word. Die storie is oor ŉ lesbian celebrity wat innie closet is, maa sy hette partner enne kind bydie huis tewyl sy interviews doen en straight en single act. Except vi celebrity wees, is daai kind of my storie exactly en is extremely interesting om te sien lat daai storyline werk asse graphic novel.

In ôs Kaaps reading het ôs klomp stukke gekry. My eeste instinct was ommie connection tussen ie stukke te soek. Al wat ek toe kry is lat it klomp stukke is deur mostly poets wat ek wil lees in Kaaps, nie Afrikaans nie. Ek wonner ve'al oor Ryan Pedro se werk. Ek sal graag meer van sy werk lees. En dan Gert Vlok Nel, is so obvious, oor ôs audio tracks van sy songs geluister het, lat hy glad ie standaard Afrikaans praat nie.

Wat lekker wassie vergryping an baie vannie mooi beelde innie poems, bv. Alfred Schaffer se lyn “kinders steek hulle tonge uit om die winter te proe” en Pedro se lyn “ek kan deesdae net aan jou dink op plekke mooier as hier”.

**Reflective Journal Week 18**

Key elements vannie assignment was: lockdown/corona, allow distractions, just write.

So ek besluit toe om notice te vat vannie alledaagse ennie mundane wat anyway nou meer as ooit ’n moerse rol i’my lewe speel.

Hie wil ek graag soos laasweek bietjie praat oor my growth as digter innie course. Ek dink ie major ding wat ek geleer het sover is lat ek altyd ampe gesoek het virre major life-changing experience i’my velede, as ek gesoek het vi inspiration om te skryf.

Afgelope paar weke besef ek lat ie major themes anyway i’my kop is en lat ek neddie mundane gebruik as metaphors om te skryf oorie groter goed. Ek het ook haai niggling habit om cryptic te wees veloor mostly. Die poetry wat ek nou skryf issie so lomp of affected soos vannie anner goed innie eeste paar weke wassie. Bv, meddie eerste assignment (nogal ‘Fierce Writing’) het ek hierie geskryf:

**Jamie**

ôs amal staan innie pad

is 2:45 Saterragoggend

Kaylin en Daniel is beide soos brommers

wattie weet watter drol om op te sit

Jamie-Leigh gil

ôs is stil want

ôs het lankalhie boere gebel

kruisde arms, swelde oë, dik befok

sê Nella onder deur

“vra! wa issie kind se ma”

eventually heddie boere gekom

Nella moeddie kind oopvlek en kyk

ie evidence is lankal weg

**tor**

thyssen heddie tor
uidie sandpit gehaal

en soos hy ie vlerke vesigtig aftrek
ennie tor spartel
voel ek soos met coco-cola
hoe my tanne stomper raak

It voel vi my minner chaotic en meer honest. Simplicity werk absolutely op hierie stadium vi my. Soos ek al voorheen ok gemention het, ek voel korter poems issie pad vorentoe vi my. It force my om te focus.'n Anner interesting ding wat ek notice is lat ek lately oor current events, thoughts en feelings skryf. Voorheen het ekke issue oppe slag gevat ennit sat gekou voor ek an gemove het narie next topic. Maybe link it meddie misconception lat ek altyd oore major event moet skryf. Die week het ek net basically geskryf oor wat in my kop angan:

**i'my kop in**

skryf ek allie vekere goed
ek skryf 'n performance piece
'n essay oor woorde wattie moet bestaanie
'n declaration of love
'n porno
'n confession
conspiracy theories
alles behalwe poems oor siekte
is so asof ek myself
ingesluk het
soos pare sokkies
omdop virrie kas

In graphics hierdie week het ek ie voorgeskrewe reading moerse enjoy. Die seminar was genuine eerste klas. So thorough. Die assignment wasse beast though. Ek issie erg confident lat ek ’n goeie storie geskryf et ie. Ek like ie idee agter ie storie ennie world wat ek create het i’my kop, maa ek dink ie funny ding is, haai storie kort images. So is great lat ek skryf meddie oog op graphics. Ek is seker oor tyd sal my confidence met narrative ook improve.

Wat ek wel uit die seminar ennie reading material gekry het is lat ek really moet beginte skryf sonner om trug te hou. Ennie weird ding is, my twisted mind, weird fetishes, perversions, bloodlust en criminal tendencies was nog nooit so verwelkom soos tydens hierie course nie.

It was rof, twaalf poems enne short story in een week.

**Reflective Journal Week 19**

Hierie week se seminar was profound. Eerstens, ie topic, ‘The Political is Personal’, issie iets wat ek myself einlik al mee confront hettie. Maa ek voel alle ruk daa is goed wat ek moet sê, maa ek hettie geweet hoe nie. Maybe even getiptoe rondom it. Ek

verstaan vannie political wat personal is en dan ook writing the space in between, lat it meer gan oor emotions. Hoe lat it wat oor geskryf word ie poet voel?

Ook lat Vangile Gantsho ôs introduce het an Zuihitsu is ’n great writing experience gewees. Ek leer die jaar skryf mette purpose. En wat ek vind is, is moeiliker om creative te wees binne perke wat gestel word bv. skryfe Zuihitsu oor x, y en z en gebruike quote. It kommie naturally ie. Maa oppie ou end snowball creativity tog, want hoe meer ie course vewag mens moet produce, hoe meer produce ek even in my spare time. Alles word poetry eventually.

Die assignment wasse challenge, waavoor ek baie grateful is. Ek sou maybe nooit op my eie consider het omme quote te incorporate ie. Of omme poem te skryf met drie of hoeveel okal core ideas en een common thread. Of geweet het lat Zuihitsu even exist asse established style. Of Ocean Vuong se poetry raak gelees hettie.

Ôs English Poetry reading was soos altyd great die week. Ie twee wat really vi my uitgestaan het was Bukowski se ‘So you want to be a writer?’. Is volop really good advice. Is alles waar, behalwe naturally moet ôs amal currently bietjie disagree meddie deel:

“if you first have to read it to your wife or your girlfriend or your boyfriend or your parents or to anybody at all, you’re not ready.”

Die poem het my lat dink - hoe issit lat ek skryf.

Mostly issie physical act van skryf vinnig vi my. Maa it beginte mette festering feeling of idea. Totlat it iets raak wat ekkie mee kan inhou nie en dan kom it uit oppe honest way. En dan kan ek edit.

Hierie week se readings van Afrikaans/Kaapse Dramas het my defnitief lat dink oor twee goed:

1. Die plek van Drama en Poetry innie proses van raising status inne taal.

2. Die way wat society vroue view.

Dit het my lat dink an hoe teater in Afrikaans jare trug mostly geskryf is omme nasionale Afrikaanse identity te create deur entertainment, ve'al die wat byrie Staatsteater gespeel et. Poetry en alternative drama was ooke vorm van protest in Suid-Afrikaanse history. Dit wasse tool, wan dit was so ʼn powerful creator of collective consciousness en experience. Die plek van drama in SA vandag is nog altyd om ie ongemaklike dinge te address en identity te explore. Ek sal graag wil dramas skryf om haai once-off experiences te create waar mense collectively ie realness vannie stories aan hulle lywe kan voel, om te weet hulle exist ennie stories exist. Soos wat hulle op hulle eie die experiences lees in poetry.

In *Put Sonder Water* kan mens ie longing na excitement voel, meddie real political issues rondom race lingering. Woorde soos "kleinding" en "vaatjiepens" plaas ie storie innie Karoo. Isse paar key woore wat die storie locate — is belangrik omlat it iets is wat ek sensitive voor moet wees i'my eie manier van Kaaps skryf. Dan het *Moeder Hanna* my lat dink an *Moeder Courage* van Bertolt Brecht — wat al soveel maal vertaal is. Ôs kan meddie yster vrou relate. Oorie konneksie tussen *Moeder Hanna* en *Moeder Courage* het ek ge-Google search en afgekom oppe LitNet book review oor *Kristalvlakte* deur Amy Jeptha. 'n Verwerking van *Moeder Courage* in Kaaps. Toe dink ek aan hoerie vetaling vanne poem of teks watte classic is in jou taal, jou taal status gee, net soos academic writing dit status gee. Ek heddie meeste van *Snoekie vir my Sweetheart* gehou. Isse tragi-comedy, want net soos ôs innie vorige twee dramas ie vroue herken het, ken ôs almal ʼn Jannet vir wie ôs wens sy kom bo uit. Ek dink ook comedies bring meer mense teater toe. Ek hou van die murder, mystery darker comedy idee. Ek sal graag my hand met it try.

**Reflective Journal Week 20**

Hierie week se seminar was extremely belangrik. Ek dink it knoop ok an by vannie vrae wat ek vorige weke gehad het oor feedback. Die theme van 'Le Mot Juste' is interesting innie sense lat it emphasis sit oppie belangrikheid lat elke lyn (of woord) inne poem belangrik moet wees. Maa die belangrikste dele vannie seminar was om:

1. My poems oppie system te laai sonner ommit te edit;

2. Anner mense se poetry prakties te edit; en

3. Die voorreg om drie mense se editing en comments op my werk te ontvang.

Ek besef ook hoe baie ek sover hierie jaar by Nathan Trantraal geleer het van editing, deur sy feedback wat hy vi ôs gee op ôs werk. Met actual line edits en suggestions. Dit het it makliker gemaak ommie assignment te vestaan.

Is interesting ommie drie opinies op my eie werk met mekaar te vergelyk. Edited versions vannie assignment poetry.

**cashier**

(tydens ie national lockdown)

ek pak ie appels
sy die noodles
ek wen haa
tot byrie ui
alleen gesticker
in sy sak
sy gryp my hand
accidentally maa
ek kry haa lief
by teller ses
innie Spar

Na hierie:

**cashier**

*Stay at least two arms' length from other people – social distancing guidelines*

ek pak ie appels
sy die noodles
ek wen haa
tot byrie ui
alleen gesticker
in sy sak
sy gryp my hand
accidentally maa
ek kry haa lief
sy gee my change
by teller ses

innie Spar

Die changes is baie subtle maa tog significant.

Graphics was vi my challenging. Omlat ek nog uit die gewoonte om terug te hou en myself te judge moet kom. Ek dink isse getting there slowly tipe situasie. Ek weet honestly nie of ek ie satire vibe onnerie knie hettie. Maa nie te min, ek dink hierie week se attempt is darem beter assie vorige keer. Ek dink tog hierie praktiese, narrative deel vannie graphics course is baie belangrik. Ultimately gan ek stories moet vetel. Ennie stories wat ek wil vetel is juis moeilik met dikwels baie explicit content. En al gan ek images hê ommie stories te support dink ek it is belangrik lat ekke goeie grip het op prose writing.

**Reflective Journal Week 21**

Die week heddie poems wat ek geskryf et my actually geruk. Deeply. En nou nie

om ’n personal diary hievan te maakie, maa bear with me. Hierie apply op my writing. My poem, ‘Mowgli’ het kak erg met my kop gefok.

Dink Nathan Trantraal het hierie week vi ôs interesting Kaaps gegee om te lees om ôs annie dink te sit. En ek is aware laddie stukke interesting is weens politics. Maa wat ek in belangstel is, dialect. Ja. Olivia Coetzee. Ek admire haa Kaaps. Gorgeous klanke. Issie beauty van Kaaps. Jy kannie help as omme stem te hoor met jou praat wanne jy die Kaaps lees ie. Ding wat Coetzee se Kaaps vi my especially mooi maak issie ‘o’ en ‘oo’ klanke wat ampe ammel ‘oe’ word. Val kak sag oppie oor. My ouma en oupa het ook so gepraat.

Innie laaste stuk “Kaaps: negotiating language and identity” deu Menán van Heerden staan hierie vi my yt: “Kaaps is a language, a language in the sense that it reflects the whole life of the people that Speaks (sic) it, a language in the sense that those who speak it, give their first scream in this language, (...) do all the transactions of their life in that language, and (...) will finally blow their last breath out in that language.” (Le Cordeur quoting Adam Small, 1962) Kaaps is pretty much moedertaal-taal.

Ek dink is largely ook oor Kaaps lat ek ’n improvement i’my poetry sien. Weet, ommie brein te train om te translate tewyl mens subconscious thought en feelings in poem form try capture isse kakspul. En dis exactly wat it is om in standaard Afrikaans te moet skryf. Is styf en kak ongemaklik.

**Reflective Journal Week 22**

Wanner Afrikaanse poets oor ma's skryf: Elizabeth Eybers skryf oorie Moeder. Die spreker issie moeder. Die gedig hette geweide gevoel – 'n gebed, asof omme kind te baar 'n calling is wat sy aanvaar. Sy praat vannie onsigbare band wat ma en kind altyd deur bloed verbind. It is ook interessant dat sy, Elizabeth Eybers vanuit haai perspective skryf ook omlat sy 'n spreekwoordelike ma is vi Afrikaans, sy was deel vannie groep wat eerste in Afrikaans gedig het/literatuur geskep het om Afrikaans "groot" te maak. Sy was ook ie enigste vrou langs N.P van Wyk Louw en DJ Opperman en haai garde. Moeder vannie taal.

Antjie Krog skryf dan "'n Kaalvoet gedig" vi haa ma. Haa religious ma met spesifieke expectations van haa. As mens eers Eybers se poem lees, dan voel it asof Antjie se gedig direk in gesprek tree met Eybers se poem. Eybers word dan ie ma vannie taal – Antjie skryf ook direk in haa moedertaal.

Maarie feit lat Antjie Krog en allie anner skrywers deerie poems vi hulle ma's, iets oor hulle grootword omgewing weegee, is interesting. Antjie skryf bv. 'n kaalvoet gedig – vir haar strict, hardwerkende, religious ma wat haa grootgekry het.

Die ma word dan directly verbind annie skrywer se identiteit. Ronelda S Kamfer sluit haar gedig af met "ek tel die glasstukkies op en begrawe dit onder my vel", haar ma issie konneksie meddie velede, direkte wêreld om haa, maa ook ie motivering ommie stryd te bly voer virrie vrou/ma se righteous plek van respek. So, word sy dan, meddie bawareness vannie gebroke hart(e) ie nuwe vegter vannie vrou.

Vroue/Ma's, word in al hierrie poems opgehef, en soos Trantraal na allie dinge verwys wat sy ma hom geleer et van menswees, is daa 'n awareness vannie vrou as konneksie tot ie aarde – die oergevoel van ma as 'n belagrike deel van hys. Toni Stuart spreek haar ma an en praat oo haar verlange hystoe. Nie neddie land ie, maa ook na mense, specifically ma.

Innie seminar hierie week moes ôs respond oppe anner se poem. Ek et 'Death, be not proud' dee John Donne oogeskryf as 'Dood moenie smug issie'

Ek heddie vrae wat Marike Beyers vra rondom Kaaps taalreëls geniet. Ve'al te make meddie deelteken, die umlaut, in woorde soos 'reën' en 'reëls'. Inderdaad, waa'om sal ôs ie umlaut gebryk as ôs hom lankal nie mee sê nie?

In *Blue is the Warmest Color*, dee Julie Maroh was ek hierie week totally meegevoer. Is ie grootste emotional impak watte graphic novel die jaar sover op my gehad het. Ding is, ie boek is net perfect. Die art is gorgeous. Die lyne en sagte kleure.

Die actual renditions van hierie girls is beautiful. Is beautifully, bravely written en spreek so baie issues wat elke gay person at some point face an. Die judgement van loved ones, mense byrie skool/werk.

Ek hou even vannie font innie captions. Die camera angle, hoe haa gespeel word met perspective. Die gebryk van kleur innie drawings, offie gebrek an kleur even. Die art isse styl wat ek personally vêder wil explore. It set ommidelik 'n tone en mood en praat direk meddie text. Ek dink ook ie sex scenes/ nude scenes is extremely realistic en beautiful.

Meddie graphics assignment het ek decide om nie so te stress oor of ek kan prose skryf of nie, en net te enjoy. Wat ek leer ytie regular prose assignments is lat ek stories kan vetel. Is nettie my sterkste medium ie – om prose te skryf.

Ek dink in prentjies. Elke poem wat ek skryf begin by images. Elke storie speel voor my af asse tipe movie of comic. My storytelling hang altyd more or less af vannie pictures wat hulle i'my mind accompany.

**Reflective Journal Week 23**

Die onnerwerp van religion is vi my fascinating gewees ie week. Oorie Kaaps reading material. It et my lat dink.

Die punt is, daa is baie dinge innie lewe watte religious context et. Mee as wat meeste mense besef. It word ampe subconsciously in conversation insert. En in poetry. En probably in meeste dinge.

Jare trug et ekke conversation mette successful, respected poet gehad. Sy vra my of ekkie Bybel lees. Ek sê "nie rerig ie". Sy sê vi my ek moet it maybe consider. Waa'op ek respond et lat ekkie Christian issie. En toe sê sy, is nie vi daai nie. Sy reken ie Bybel is een vannie mooiste stukke literature, ryk an stories en images ens. M.a.w. goeie reading material virre writer van enige genre.

Ek voel in Jeanne Goosen se poem 'Let it Be' is haa sterk religious influence, though, en ek kan vekeerd wees, maa is actually nette vehicle. Ek dinkie is actually 'n messias wat haa langs haa sit ie, is maa nette deulopende metaphor. Vi some sort of saviour.

Ek kan rerigie claim lat ekkie poem completely vestaanie, maa ek dink Jeanne Goossen hette respectable job gedoen vannie religious theme gebryk sonner om controversial te wees.

Annie anner kant et ôs Antjie Krog se stuk. Soos ek it et, 'n speling oppe belydenis van geloof. Is baie interesting. Totally anners. Maybe even 'n bietjie vanne mockery vannie original text. Though ek dinkie is intentional ie. Ek dink is nette device omme meer belangrike punt te maak oo spirituality in general.

Personally, sal ek maa eeder altyd, even subconsciously, wegbly by religion asse theme i'my writing.

Die seminar hierie week was amazing. Die letter writing deel vannie exercise was vi my nie moeilik ie, maa ek note wel lat it vi my moeilik was omme emotional connection innie brief te maak. Ek et tog baie deep feels oo Tupac se werk. Maybe issit oor haa zero plek vi wegkryp inne brief is.

Hierie week moes ekkie film *Blue is the Warmest Color* wat based is oppie graphic novel vannie selle naam deu Julie Maroh vegelyk. Pas my goed, oor ek so passionate was/is toe ek laasweek ie graphic novel gelees et.

So usually issie boek beter assie film, en hierie issie ’n exception ie. Ek prefer ie graphic novel, maa ek appreciate ook ie film moerse.

Daa is nogals groot veskille tussenie twee. Wat ek baie like vannie film is lat discrimination (homophobia – though it word ie explicitly oppie naam genoem ie) gladie so groot rol innie film speel ie. Mens raak maa moeg virrie selle themes wanne it kom by queer literature en film. Soms wil mens nette really befokte love story sien waamee mens meer kan relate as hetero stories. En meddie fokus bietjie miner oppie discrimination innie film, staan ie love story beautifully yt. Adele (Clementine innie boek) se ouers chuck haa nie ydie hys ytie. Hulle is baie mee accepting innie film.

Mostly oorie discrimination en oor hoerie boek begin, issie graphic novel storyline ook vannie begin af meer sad en dramatic assie film. Ek vind ie fout ie though. Ek like altwee versions.

Interesting ook is lat innie graphic novel, en ek weet hierie ga dalk weird klink, issie sex scenes sagter en meer realistic. Innie movie kry ekkie idee lat it ampe vanne straight man se point of view create was. Vannie scenes isse bietjie unrealistic. It doen skade, wan die sex scenes is actually pivotal toddie vetolking vannie passie en romance, isse physical representation vannie emotional connection waddie karakters het. Asse lesbian, dink ek net it was bietjie much. Bietjie te carnal, bietjie unrealistic. Die advantage waddie boek het, is juis ie illustrations. Drawings en stills sal altyd space los virrie reader/viewer om te help create. En daa, innie magic wat innie reader/viewer se eie mind gebeer, daa vind ôs authenticity.

**Reflective Journal Week 24**

Hierie week was haa mainly twee goed wat i’my kop bly rond maal et. En is cool hoerie twee goed met mekaar relate en hoe ie texts vi Kaaps reading ie themes innie assignment ok echo.

Eerste ding is, om trauma te skryf. Hie was ek kinda soose angry teenager virrie eerste twee dae. Kinda really pissed off lat ek freely oor trauma moes skryf. To be honest, ek et even consider om shit op te maak.

Maa toe ek beginte skryf soosie assignment vra lat ôs elke dag doen, was daa tog iets liberating.

Ek dink lat deurie course raak ek anyway al hoe mee real oor my personal experiences en skryf mee openly oor events, opinions, etc. Ek vegelyk especially bv. ’n poem wat ek virrie heel eeste assignment geskryf et, met my latest werk. Die poem gat so:

**Jamie**

ôs amal staan in die pad

is 2:45 Saterdagoggend

Kaylin en Daniel is beide soos brommers

wattie weet watter drol om op te sit

Jamie-Leigh gil.

ôs is stil want

ôs het lankal die boere gebel

ma al wat kom is die van

kruisde arms,

swelde oë,

dik befok sê Nella onder deur

“vra! wa issie kind se ma”

eventually het die boere gekom

Nella moet die kind oopvlek en kyk

wat weet ’n tweejarige

− sy gan fokol onthou

die evidence is lankal weg

Ek ka onthou toe ek die geskryf et. Ek kan ie frustration wat ek gevoel et onthou. Die storie oo Jamie-Leigh se abuse is iets wat my nog steeds deeply disturb wanne ek annit dink. Ek wonne baie offie kind okay is. En tog kan ekkie die storie vetel et in haai eerste week se assignment lat it reg voel ie. Is nie authentic ie. It kan net sowel fiction gewees et, die way wat ekkie poem geskryf et. Maa lately kry ek actually ’n emotional satisfaction yt skryf wat ure by ’n therapist my probably nie sal kon gee nie.

In een vannie poems virrie assignment het ek it opgesom:

om te skryf

is om te bloei sonner om te hyl

Ek compare ie process ok an spinnekop gif wat ytgebloei moet word en is basically daai process van emotional freedom dee skryf.

hulle sê

asse spinnekop jou byt

sny oopie vleis bloei it yt

Ironically, dink ek ook lat ie assignment my kinda gespite het. Ek gat so an oo hoe ek poems oor writing haat. En oppie einde het ek actually succeed om te skryf hoe en wat it is om te skryf.

Ek like wat Antjie Krog hie sê:

"Ek vind gedigte wat rustig ryp gedruk word in 'n studeerkamer verdag. Iets moet jou dryf om te skryf. Dit moet jou só dryf dat jy niks anders wil doen nie. Dit impliseer verset, 'n soort waansinnigheid wat móét uit. Dit wil nie sê my gedigte is waansinnig nie. Ek skryf ook dit wat ek nêrens vind nie en tog graag wil lees. Maar dit wat jy as skrywer te sê het, moet met ander resoneer." (Volksblad, 23 Oktober 2000)

Die main punte innie reflectives journals nalat ie coursework afgehandel was:

**Post-seminar reflective journals Reflective Journal 1**

Meddie lees van *Disgrace* et ekke paa goed gekry waamee ek relate: die honne, die plekke ennie vroue innie boek.

Ek dink ie gebryk van name van dorpe en plekke et vir my, omlat ek ie plekke ken as leser makliker gemaak om ie storie te glo, want ek het personal experiences vannie plekke. Die name vannie plekke roep spesifieke experiences vannie plekke op. My ervaring word my visual. Ek dink ek kan dalk by tye seke maak lat daa objects/poems/subtexts is wat spesifieke plekke pinpoint. Ek dink hoe mee spesifiek ek is in my beskrywings – hoe mee het ek ommie leser te hook innie stories vannie characters.

Die characters innie boek is net wie hulle is – die narrator/main character word die oë deu wie ôs ie anner characters sien. Miskien J.M. Coetzee homself. Hy issie constant eye en ôs sien dinge soos it gebeu deu sy oë. Hy is dydelik 'n outsider dwarsdeur ie boek – by die Universiteit, sonder 'n familie wat lyk soos anner (Melanie sin), by sy eie dogter se lewe, outsider to society at large. Hy isse womaniser, 'n culprit in 'die doen' van rape. So ôs sien hom as die antagonist, omlat hy 'n rapist (en racist) is, maar omdat ôs hom beter leer ken deu toegang te hê tot sy gedagtes en gevoelens (nie indulgently ie), sympathise ôs met hom – ôs haat hom ie die heeltyd ie en is willing om sy experience en flaws te tolerate. (it kan ook wees lat ôs hom tolerate omlat ôs conditioned is om mette man inne power position te sympathise – white male, older, professor- privilege) But we have a specific perspective we invest in.

Ek voel is belangrik om it in ag te neem wanner ek skryf lat my stories/ poems my position innie stories dydelik convey, lat ek part va my stories bly, solat ittie net nogge white privileged woman wat stories oor 'n ghetto skryf word ie. Die wys van wie ek is innie writing is both vulnerable en norig, omlat ek dan selfs assie outsider, as writer, mens bly virrie leser –

solat ie leser tenspyte van my witgeit die stories kan absorb as worthy reading – specifically innie projek – want it kan so patronising raak.

Wat my strike issie feit lat ie lens van een perspective, soveel space create vi themes om op te pop:

Die patriarchy – die man issie koning die een wat protection gee ennie vrou het it 'traditionally' norig. Die feit lat Tracy, die lesbian – 'who don't need men'– assimilate na sy dydelik bewus gemaak is van haa weakness innie landskap – context, by force. Ek relate hiemee omlat ek my seksualiteit stil gehou et in Kylemore – omlat it ie maklik aanvaa word ie, omlat ek geweet et lat ekke outsider is, omlat ek wou hê mense moes my ees leer ken voo hulle weet, solat ek somehow deel vannie community kan wees. Ek het assimilate ennie patriarchal system aanvaar.

Nogge theme wat vi my ytstaan is hoe die vrou soos objects gesien en bespreek word, 'n way van dink wat vrouens second class citizens maak. It laat my dink an hoe Lee- anne, en Antie Nella al is hulle die broodwinners steeds ie 'weaker sex' is en daa'om issit okay lat hulle mans hulle bliksem en hulle dogters vekrag.

Die plek wat power inneem word thematically an geraak – to have power/to not have power to change things/ choose their own lives – en wat it ie gebrek daa'an, aan mense doen. It loop ook oor narie diere – ie diere is net soos ie vrouens second/ third class citizens innie boek – caged, bred en dan vrek gemaak. Die diere se lewens innie boek word 'n symbol van arm mense se pyn.

So, om op te som wat ek moontlik kan gebryk:

1. Wees dydelik oo immediate surroundings, ek kan name gebruik van plekke en mense sal verstaan.
2. Anner kere moet ek detailed beskrywings of images hê ommie leser te hook.
3. Ek moet dydelik my posisie asse outsider establish.
4. Plaas myself i'my stories asse character.
5. Gebryk ie stories wat jy het- wys mense solat hulle self kan gaan dink en voel rondom ie groter themes waddie stories an vat.

**Reflective Journal 2**

Omlat ek nou besig is meddie thesis part vannie course, skryf ek mos nou specifically oo Kylemore. My experiences en anne mense se experiences wat ek observe et. En dink ek nou lately ok mee an my posisie in haai community.

Ek kom toe nourie dag half by accident oppe boek af. Man, een van haai boeke wat mens koop saam met klomp anner, maa bly vegeet om te lees.

'Ons Mense' portrette deur Marié Stander met begeleidende gedigte … deur klomp poets. So Marié Stander bly volgens ie bio agter innie boek in Jamestown. Okke 'village' byte

Stellenbosch – maa anne kant toe. Jamestown is vi my sort of ’n soft ghetto. Soft, oorie yuppies ie plek gentrify. Is ’n mix van kak ryk en kak arm, wit en coloured en as iemand daa ’n nommer gooi, issit probably net om cute te klink.

So, ek is immediately toe ek nourie boek optel intrigued oor haa ’n visual component enne literary component is, en van ver af lyk it of ek nogal sal kan identify meddie werk – juis oor my werk self haai components het.

Die charcoal tekeninge is exquisite. Next level perfection. En is nie net technically beautiful ie, maa die vrou capture iets vannie soul van haa subjects. Is mind blowing. Maa die ding wat my worry is, lat allie drawings is van coloured community members en kids. Alles. En elke drawing hette poem wat dit accompany. Maa baie vannie poems is deu wit poets geskryf met min te doen meddie context vannie lewens vannie coloured community in Jamestown.

Ek kan sien lat som vannie poets meer authentic is, of lat hulle contribution toddie boek ’n attempt maak. Bv. Deborah Steinmair se ‘Myrtle en My’. Die poem is vi my ’n standaard Afrikaans/ Kaaps hybrid. Die lyn, “Haar se ma-goed staan en word” byvoobeeld, gee vi my weg lat hierie ’n vrou is wat nie praat innie dialek wat sy try skryf et ie. Die inconsistency is ok vi my striking waa sy ‘yt’ instead die standaard ‘uit’ skryf, maa ‘huil’ nog meddie standaard ‘ui’ diftong. Al klink it of my opinie op hierie poem noodwendig negative is, is it actually met groot curiosity wat ek hie na kyk. Is leersaam. Wat ek ok na kyk is lat it bietjie kan voel soos mock asse wit mens skryf soos sy dink ’n coloured mens praat ennie dialect plek plek dan exaggerate. Ek vind toggie theme vanne coloured dogtertjie mette wit pop interesting en al isse laaste lyn patronizing, som it die poet se thoughts goed op ‘My bybie, arm hettie kleur nie’.

Dan kyk ek na ‘Lizzie is 16’ deu Danie Marais. Marais se gedig lees of hy weet wat expect word en hy mis amper ie deadline vi submission en toe het hy te min tyd ommie challenges van sy eie white gaze te address, so toe skryf hy maa oo die white gaze in sy “betrokke wit gedig”. Dis baie safe. Well played.

Anyway, die lys van wit poets innie boek gat an en an. Maa dan is haa ‘Thomas Daniel Granfield’ deu Ronelda S. Kamfer. Hie isse coloured vroue poet. En al wat sy doen is, sy skryf ’n poem. Nie ’n poem oo coloured weesie, is ’n poem oo menswees, relatable of jy nou wit of bruin of swart is, ’n poem oo loss. Al coloured aspect van hierie specific poem deu Kamfer, is sy, self. No pretense.

Die poetry in hierie boek is actually excellent. Is strictly speaking lat ek meddie oog op my eie werk na it kyk, lat ek so critical is.

Soos ek in Kylemore ingekom et toe ek daa gan bly et, is hoe it is as ek skryf oor it ook. Ek isse inkomer. Altyd, even na ek so lank haa gebly et. Ek is accepted asse community member, maa ek weet, ek hettie daa groot geword ie. Ek issie iemand anners se stem nie. Ek kannie anne mense se stories deu hulle oë try vetel ie – ’n sonde wat hierie boek teenie original Jamestown community pleeg. Assie boek tekening van veslonsde wit mense of tekening van ryk witmense met begeleidende ryk witmens poems gehad het, was it anners. Maa die meederheid poems is vanuit ’n wit perspective geskryf, accompanied deu tekeninge van arm coloured folk. Ek kan net deu my eie oë skryf, en daai is waddie difference gan maak. Ek wil okkie net ’n storie van ellende vetel ie.

Ek vewys laastens wee na Joe Sacco se *Palestine*. Van al my research draw ek probably meeste van sy werk. Maa hie vewys ek specifically na sy manier van skryf oo Palestine ennie mense, deu himself innie storie te plaas. En dis exactly hoe ek my graphic novel oo Kylemore approach. Nie net as author of narrator ie, maa as character… truthfully en as it happened en soos ek dinge gesien et, first hand.



**Lizzie is 16**
*Danie Marais*

Net buite Stellenbosch is Lizzie
16 en swanger en bruin,
want die harde feite
en die fyn swart-en-wit lyne
van 'n kunstenaar se tekening val soms
saam met die verflenterde kaalvoet-cliché,
die geoefende knop in die keel
van 'n betrokke wit gedig.

En die digter lees sy vers –
'n netjiese tragedie by die lig van 'n kers –
en die klein gehoor doen die hartseerwals
sonder om op 'n enkele belese toon te trap
terwyl Lizzie se maag suutjies groei
in 'n bloedige Bolandse somer
tot die kind uit die raam van sy stillewe ontglip
met 'n nuwe ongeletterde gil –
'n oerkreet wat al die welwillende wit
spookmusiek
uitdoof.



**Reflective Journal 3**

Mette maand voorie due date virrie draft thesis, is haa min else om op te focus as dit. At least oorie laaste twee weke of so issit asof writing en obviously die planning van die visual aspect vannie storie mee natural voel. Ek raak mee comfortable met drawing. Ek moet nog werk an

my confidence. Confidence voel vi my isse ding wat either besig is om te groei of te swell en it wissel van week tot week. Vi reasons unknown.

Waddie progress van my thesis betref, is ek confident lat ek prepared sal wees ommie draft te submit einde vannie maand. Die basic framework virrie episodes is daa, is nou net om vleis ommie bene te sit.

Patymaal sukkel ek maa nog bietjie meddie Kaaps as ek like ie dialogue van sommige characters skryf, maa generally sien ek daa ook improvement. Dink is ok maa net oo van my characters se dialogue bietjie va my eie dialect veskil.

Ek et recently *Cage* deu Brian Azzarello (writer) en Richard Corben (Artist) gelees. Die artwork is vi some rede frightening. Donker. Ek weetie, gee mens sommer ie feeling van iets sinister wat angan.

Ek like it nogal om deu graphic novels te kyk, ees sonner ommie text te lees – om te sien offie images independently die storie kan vetel. Die main ding wat ytstaan is Hope, die kid wat doodgeskiet is, oorie foto van haa wat deulopend gewys word.

Veder is maa mostly daai sinister feeling.

Artwork is nice! Baie rough. Baie representative van som vannie characters wat portray word. En tog is it baie detailed en dydelik. Ek dink issie gebryk van contrast (amper chiaroscuro) innie images wat ok haai feeling het.

Anne ding wat vi my interesting is, is dialect. Azzarello gebryk lyk my dialect om ie leser bietjie context vannie characters te gee. Ek weetie veel van American accents nie, maa dink die officer et byvoobeeld ’n classic Brooklyn accent gehad waa meeste vannie characters meer vanne hood accent het. Weereens, ek issie ’n expert ie, maa ek dink ie hood accents is bietjie opgefok op plekke, maa mens kry ie general idea. En ek dink ie gebryk van accents/dialects is baie effective soos Azzarello it gebryk. Is ʼn graphic novel set innie hood en it sal weird wees assie characters ammel soos suburbanites praat.

Wat useful is, is hoe images wat seemingly unrelated annie narrative oppe specific point is, successfully gebryk kan word om mood/atmosphere/ suspense te create. Like ʼn single image vanne basketball wat deure hoop gan… vi my et dit successfully suspense innie storie gebou.

**Reflective Journal 4**

Ek het beginte kyk na my constant interaction met Kylemore in my thoughts oppe anne way. Sure, ek velang altyd trug hystoe, maa nie soos dié nie.

Soos ek my neighbor, Antie Nella bel, besef ek, as mens jouself so jammer kry omlat jy alleen inne fokop is, dan is it baie telling met wie mens wil praat. Ek moan by Nella lat ek siek is, lat my neighbours hie kak is, lat it koud is, lat ek eensaam is, lat ek fokol geld vi kos oor et ie. Ek moan en Nella lyster. Sy sê “Haai jirre my kind, ek en Uncle André sal kyk of ôs iets kan stuu”. En met daai een sin wipe sy allie kak innie wêreld weg soos whiteboard

marker. Kylemore issie nette onnewerp waa'oo ek skryf ie. Dis my hys. Is waa ek wil wees. Mette koppie tee enne Chicago in Antie Nella se vookamer.

Ek lees toe *Don't Go Where I Can't Follow* deu Anders Nilsen. Nathan Trantraal heddie boek an my recommend voo ek moes quarantine, maa ek het hom ees beginte lees during. En is asof iets geclick et. In hierie memoir oo sy relationship met sy veloofde, Cheryl doen Nilsen 'n paa interesting goed wat useful kan wees vi my thesis. Is ampe offie boek my permission gee om te doen wat ek i'my mind's eye reeds sien. Is seke Nilsen se grief wat vi hom ie permission gegee et.

Die memoir isse mixed media masterpiece. Ek put mostly inspirasie ydie visuals vannie werk. Nilsen gebruik letterlik briewe, poskaarte, drawings, foto's en baie interesting foto's van objects – die type foto's waddie objects tangible lat voel: single object, white background. Extremely drie dimensioneel en real.

Ek het al lankal mos beslyt ek gebryk foto's, illustration, dialogue en poetry. Maa recently et ek sentimental objects wat reminders is van Kylemore beginte teken. Objects wat op hulle eie way 'n storie vetel.

Ek dink ook een aspect van hierie boek wat ek appreciate issie simplicity. Is amper asof Nilsen sit en my die storie vetel van sy en Cheryl se relationship, hulle trip en haa kanker. With ease. Ek weetie hoe anners om it te stel ie. Die visual component vannie boek vetel ie storie so effectively en dan is groot dele vannie text, original documents

i.e. 'n brief, poskaarte, diary like entries etc. Die authenticity van hierie documents is dan supported deu bv. selfies (bietjie unflattering, maa extremely human en real), images vannie plane tickets, 'n map.

Iets wat ek ok notice vannie foto's issie feeling wat create word wanne Nilsen 'n foto wat hy geneem et gebryk vs 'n foto wat Cheryl (ek assume) geneem et. In Cheryl se foto's is Nilsen innie voogrond ennie feeling is touristy. Nilsen se eie foto's is either van objects of is faraway maa asof hy deurie lens kyk na beweging i.e. beweging vannie traffic en mense innie stad. Wanne hy Cheryl afneem kan mens sien lat hy haa beskou as beautiful, maa yet plaas hy vi haa constantly in context (sy is deel vannie hele scene, moving with it en unaware lat hy 'n foto neem) tolat sy eventually annie einde die entire context word – die close up drawing van haa innie hospital bed, especially, som ie loneliness, despair ens. van innie hospital wees en sterwend wees op. Hierie drawings is ok baie mee detailed as vannie anner en is stationary.

Is maa nette observation van camera angle (of mens nou kyk na 'n drawing offe actual foto) vi my eie gebryk. Hoe it baie sê oor konteks, mood, emotion ennie text support.

**Laaste Reflective Journal: Response op Reader Report enne reflection op my growth oor ie jaar en my process meddie creation va'my graphic novel.**

Ek was genuinely anxious toe ek ie reader se report op my thesis gekry et. Haai jolt of fear wat mens som tye experience al het jy iets vewag en jouself sort of prepare.

Maa ek was pleasantly surprised toe ek it beginte lees et. Die balance tussen constructive criticism en praise was net reg. Ek is dankbaar lat my graphic novel in die slice of life genre inpas en lat my eenvoudige personal storie virrie reader sin maak, lat die reader dink ek doen interessante goed. Maa ek is even mee dankbaa lat it ie missing pieces so dydelik yt point, want ek kon self voel iets is missing, maa ek konnie my vinger op it sit ie.

Die duidelikste probleem issie title, 'Mieltjie' omlat dit ie eeste ding is wat mens sien, en it 'n vewagting skep lat Mieltjie 'n major part speel innie storie. Hy hette plek in my kop en i'my lewe, omlat hy die een is met wie ek meeste relate het – ôs hette othering gedeel, marginalized-because-of-my-sexuality, maa ek besef lat ek nie sy voice is, hy is deel vannie storie wat ek vertel yt my perspective. Ek weet noggie waarna ek ie title wil veanner ie, maa is iets wat defnitief ydie feedback net confirm is.

Gepraat van perspective, vi my issie belangrikste criticism lat ek ie enigsins focus op protection van white skin innie graphic novel ie: "The inevitable query of whiteness and the protection of white skin is also bound to come up, so it would be better if the speaker in these stories addressed this, by giving a concise context from where she is speaking from". Ek vestaan hoe it my ontglip et om specifically ie protection van white skin te address, en in haai het ek ok iets gelee. Die een element is lat ek skryf yt genuine lived experience en lat i'my alledaagse lewe, daai issue ie rerig opgekom et vi my ie – of it wassie iets waavan ek elke dag aware was vannie. It was mee innie heel begin asse inkomer lat ek experiences en observations gehad et, waa in ek nou moet intap ommie storie authentic en honest te maak. Ok is ees wanne mens op it attent gemaak word lat mens so daana kyk, want ek kan nou goed sien wat ekkie toe raakgesien het as white protection nie bv. as antie Nella goed sê soos "Jy los haai kind af, as jy haa seemaak gaan jy jare tronk toe, sy's wit!" My perspective en lived experience is so deeply rooted innie protection wat ekkie ees geweet et ek hettie. Die anne element is lat it moeilik is om oo shit te skryf wat nog so real is. Ek is nog in Kylemore en tog is ek al ampe 10 maande 900km weg. Hierie laaste punt isse baie valid note op writing in general vi my. It lyk haa moet altyd reeds 'n certain amount van processing plaasgevind et om te kan skryf oo iets. Ek gaan trug gaan narie stories en bysit en weer vewerk om it dydelik te maak lat ek nou aware is van die.

Een vannie punte oppie reader review point yt lat it ie net ie white skin protection is watte dydelike point of discussion/theme is ie, maa lat haa ook 'n class divide is, wat ook innie experience opgeslyt lê. Wanne ie reader sê, "Every township has them, every writer from the townships have had to explain that yes, we live in the ghetto, but that person's parents worked, and she had a nice big house. I am from the ghetto but my personal space felt a bit middle-class. If you picked up that house and moved it to a so-called white neighbourhood, the house would fit in, but not the people. It is an important element of the story, which could be explored more.", besef ek wee lat ek geskryf et om my stories te vetel en nie necessarily omme balanced text te produce ie. Daa is een poem, wat een van mee kon wees, om ie theme veder te explore. Haai balance is belangrik, it might maybe nie iets wees wat ek genotice et ie (ie mix van middle income netjiese homes met shack like hyse tussenin), maa isse baie belangrike aspect vannie storie asse whole, actually, lat my personal experience vannie fancy home-owners ie deel vanne groter conversation is, is nou dydeliker. 'n Way wat ek themes beter kan underscore issie use van mee subtext en dydeliker vedelings van ie chapters, iets wat ek nogal appreciate et met die lees van Alison Bechdel se werk. Ek ganne punt maak

daavan om wee na haa werk te gan kyk en om dit wat ek appreciate et te incorporate innie reworking van my thesis.

In terms van othering vs, me-ing: Innie reader se woorde “The speaker scrutinises herself from the outside looking in, which is an important part of this graphic novel especially because race, class, gender and sexual orientation are such an important part of the collective South African narrative. But she falls short or falls into the trap of confusing othering to me-ing”.

Hiemee grapple ek bietjie omlat ek ie really familiar meddie term othering issie. En toe ek beginte lees oor it, besef ek lat is so ’n groot woord, mens kannie net lees en dan necessarily begrip hê nie. Ek kan sien lat ek by tye innie trap van othering val, maa ek figure nog ways yt om it beter te handle. Is easy om others te ‘other’ omlat ek self inne margin exist as ’n gay vrou. Mens moet einlik meer sensitive wees oorit – of teminste die othering asse concept goed deedink. Oor en oor en oor, van alle angles. Isse belangrike ding om te lee, virrie skryfproses en generally innie lewe.

Soos ie graphic novel evolve na anlyding van hierie reader report en nalat ek reflect et oppie draft sal ek ok probably meer kan ytbrei oor it, en my eie loopholes beter vestaan innie vetelling va my storie. En it is crucial om te vestaan, omlat ek as wit skrywer inne coloured community baie kritiek kan kry oo hierie.

In *Of Motherhood and Melancholy* deu Lou-Marie Kruger, issie writer, ek dink baie aware van haa othering. En sy own it. Ek sien similarities possibly innie twee texts, byvoorbeeld, wit vroue wat skryf oorie ghetto. ’n Fundamental difference is lat ek innie ghetto gan bly et omlat it sense gemaak et. Sense financially en sense vi my familie op haai stadium. Ek hettie innie ghetto gat werk om iemand te observe, of te rescue, of omlat it ’n job issie. So ie solution is omme way te vind om my witgeit (witgeit innie ghetto wat eventually vi all involved ’n ampe non-issue raak – not so much oorit nooit opkom ie. It kom selde maa sometimes op, maa om discuss te word oo jy wit is, of om gecriticise te word oo jy wit is, maak minner seer) en allie complexities daavan binne die context vannie ghetto te own, tewyl ek nog authentic bly. Die punt is, ek is wit en most definitely die beneficiary van white privilege en omlat ittie iets is wat ek kan escape dee my redes vi ghetto toe trek ie, is it my responsibility om it dydelik te maak troughout – lat ek bewus is van hoeko ek staan waa ek staan en hoeko ek innie fancy huis innie ghetto kon bly, al is ek ie fancy nie.

Wanne wit mense sukkel om white privilege te vestaan, like ek omme storie te vetel. In short, my pa et varsity toe gegan straight na army. Hy et twee jaar architecture gestudy, maa uitgeflunk en moes toe ’n job gat soek. Dis nou die mid 70’s gewees. Hypothetically, selle tyd lat my pa job soek, is haa ’n 20 jarige swart man watte job soek. Beide vra by ’n bou company vi werk. My pa word gehire asse quantity surveyor. Die swart man word gehire asse brick layer. Al rede hoeko ek as wit kind nooit hoef te worry oo honge wees of waa ek skoolklere etc. gat kry nie, is omlat my pa wit was enne werk gekry et wat mee betaal. Die mense in Kylemore vestaan ie dynamics inherently, en et my steeds accept. Vi daai rede alleen moet ek my white privilege en my white protection in hierie graphic novel own. En moet ek mee die spreekwoordelike “me-ing” toepas. Ek moet my themes ground rondom my own experience en nie my general views ie, omlat ’n view influenced is dee baie dinge, personal experiences is meer authentic en honest – ek kan nog daa’an werk.

Die reader report het my blind spots ytgewys en my guidelines gegee in hoe om it aan te spreek i'my thesis. Ek beplan om nog panels en een of twee stories by te sit en mee subtext te gebryk.

Next reflect ek oppie course self, my learning en research experience en hoe my writing gechange/ improve et. Hierie jaar was meer soos therapy as wat ek expect et. Die insanity vannie emotional rollercoaster was at times, mee as wat ek kon handle. Hierie isse belangrike punt so bare with me. Voo MACW was my poetry dikwels vi myself weak en nie totally authentic ie. Ek hette idea i'my kop gehad oo hoe 'n writer moet write. Ek dink ie rede virre mental breakdown was actually laddie course mens yt sheer desperation oo deadlines geforce et om in te tap in lived experience, personal thoughts, personal truths en traumas en complete honesty. Is like om yt 'n plane gegooi te word voo mens kan check of haa 'n parachute bag op jou rug is. It et alles in stages gebeu. Eeste part vannie course et ek ie selle shit geskryf. Toe kom haa 'n break through – nogal met Mangaliso Buzani se assignment lat ôs soveel poems moes skryf soos ôs classmates et. 12 fokken poems. Ie realisation was lat as ek ie beginte skryf et oo wat genuine i'my kop angan, sou ek nooit daai dead line gemeet et ie. Om cute te try klink vat tyd en et usually die opposite effect.

Die fokkop was toe ek haai radically honest writing style op my personal poetry beginte toepas et ook. It was honesty waa an ekkie gewoond was ie, maa it was belangrik om te sien lat solank ek honestly skryf, enige personal thought/experience etc. 'n valid poem kan produce. En i'my geval et honesty baie te doen met om eenvoudig te skryf. Keeping it simple issie key hie.

Ek vat byvoobeeld een va my poems van voorie course:

**Kruisbestuiwing**

Jou gesig

is 'n oop lelie jou liefde

die stuifmeeldrade in en uit my hart

dan ontsluit ek

sonneblom

blaar op blaar bloei ek

geel bloed druppels vir jou

fragrant, perfek

Vergelyk met 'n eenvoudige poem wat ek tydens ie course geskryf et.

**honne**

daa is honne in ôs land

waavan ie anties meddie huise en ie fence'e

en ie tuine en ie couch'e nie weet

honne

wat in sewes saam draf honger raak

en anne honne in sesse opeet

Ek weet exactly wat hie bo in ‘Kruisbestuiwing’ gebeu et. ’n Lover et my gevra omme poem vi hulle te skryf en ek et oblige. En omlat ek nie inspired of honest met myself wassie het ek allie baggage van allie ou Afrikaanse poets en hulle poems wat ek op haai stadium gelees et met my saamgesleep en daai geskryf. As ekkie poem nou lees weet ek self ie of ek getry et om iets sexual te hide innie vou vanne blom wat oopvou of hoe nie. Is kind of gross. Die tweede example, ‘Honne’, isse poem wat ek oppie course geskryf et. ’n Honest poem met min opinion en min woorde. ‘Honne’ wassie eerste kee wat ek ook really beginte lat gan het vannie safety van standaard Afrikaans. Niemand praat soos wat ek geskryf et in ‘Kruisbestuiwing’ ie. Is net daai ou Afrikaanse poets wat kind of along those lines geskryf et. Hulle et it net beter as ek ge-execute.

Die semi-sexual maa very much failed attempt/ feeling agte kruisbestuiwing is ok iets wat ek during ie course lat vaar et. Deu poetry en prose te lees wat really ie borders van wat okay is om oo te skryf, geskryf et in my eie mind, et ek besef lat niks actually off-limits issie. Ek tackle nou graag allie so called taboo topics (met sorg), violent thoughts, being queer, racism, disability, etc.

As ek dink annie graphic element vannie course dan is al wat ek kan sê lat ek nog altyd geweet et lat ek interested is om iets te create wat image en poetry incorporate. Laddie twee so saam gan inne storie soos Kylemore lat ek hierie graphic novel moes create, at some point, of it nou virrie course was of nie. Maa ek heddie guidance norig gehad en goddank vi Nathan. Ek sallie self ’n beter supervisor kon gekies et ie. My shortcomings oppe technical level is iets wat hy dadelik begryp et en an gewerk et. Sy guidance en insight in terme van Kaaps asse taal op sy eie en hoe om it te approach met my eie unique idiolect considered was crucial tot my success.

**Poetics Essay, Week 14.**

Die hoe-sê, wat-sê, hoekom-sê en vi-wie-sê is aspekte van skryf wat my lately fascinate. Net vir nou, terwyl ek it uitfigure.

Ek was kind, letterlik innie dae voor internet. En soos enige kind wat by hulle ouma en/of oupa grootgeword het was daa ʼn paar routine dinge wat ôs by default elke dag of week gedoen het. Die een ding was ie elke dag brood en melk koop excursions as verskoning om 'dorp' toe te gan. Die anner prominente ding was ie weekliks (soms twee maale week) trips biblioteek toe.

My oupa het my klein leer lees en op vier het ek allie Ladybird boeke innie kinner section gelees. Die Disney boekies ook – Afrikaans en Engels. Teenie tyd ek grootskool toe is, was ek al aant lees innie grootmense afdeling. Ek het stadig progress van Natural History, art en karboeke na tiener speurvehale en 'Goosebumps'.

Maa op veertien het my fokus geskyf na poetry. Engels en Afrikaans gelyk. Ek het my vegryp aan veraal classic poets soos John Donne en dan allie Afrikaanse digters. Ve'al ie vroue digters.

Ek het ook altyd van ek kon skryf, ʼn diary gehad en gespeel met woorde. Op about die ouderdom ie lewe vi enige tiener hel raak, ook veertien, het ek self beginte skryf. Vir myself, meestal om die onsegbare dinge vanne tiener lewe te try uitwoed en te cope met omstandighede.

Op sestien het ek besef is poetry wat ek skryf. ʼn Onderwyseres het my gehelp om vir ʼn kompetisie in te skryf – ek het goed gedoen. Dis toe lat ek besef het, is vir anner wat ek ook skryf. Nie net vi myselfie. Of omlat it mooi klink as jy die poem hardop leesie.

Hoe sê ek wat ek sê. Ek lei aan slight 'bilingualism' (soos Federman dit noem, in 'A voice Within a Voice'). Ek het actually nogal baie uit hierie essay gevat omlat it my lat dinket annie way wat ek praat en skryf. Dit incorporate so baie uit ʼn paar tale. Maa ek sou eeder sê ek suffer van multilingualism. Saam medie multilingualism ennie Kaaps kommie multiculturalism ook.

Maa eers oorie taal. In Kaaps gebeur ʼn interessante ding. Oorrek specific woorde subconsciously by Engels steel wanneer ek praat, word it eie aan my. En so, op haai selle way, meddie selle supplementary vocabulary uit Engels skryf ek. Maa! Terwille vannie effek

wat ek wil hê (vi watokal rede) met ʼn spesifieke stuk, supplement ek dalk op ʼn way wat ek nie usually doenie. Of gebruik ek maybe ʼn standaard Afrikaans woord waa ek maybe gewoonlik ʼn Engelse woord sou leen-steel of maybe my specific uitspraak alter. You know. Ek heddit so onlangs, terwille van ritme in ʼn poem gebruik, soos ek sal illustreer uit ʼn extract vannie poem:

daa is honne

in ôs land

waavan ie anties

meddie huise

en ie fence'e

en ie tuine

en ie couch'e

nie weet

Hie byvoobeeld skryf ek ‘couch’e’, waa ek gewoonlik net die meervoud ‘couches’ sou gebruik. En even ie konteks bietjie verskil van myne, voel ek Federman explain hier iets waarmee ek resonate, wanneer hy sê, “It seems to me that the translation, or rather the self-translation often augments, enriches, and even embellishes the original text - enriches it, not only in terms of meaning only, but in its music, its rhythm, it’s metaphoric thickness, and even its syntactical complexity. This is so because the translator can take liberties with his own work since it belongs to him.”

Met betrekking toddie hoe ek skryf verwys ek ook nou na wat bell hooks sê in ‘Narratives of a Struggle’, “If I choose to write using black vernacular speech, this creative decision will make a work appear more familiar to readers who use that patois”. En ek dink hie word gepraat vannie leser se ability om mette text te identify. Ek is extremely gelukkig innie opsig lat ek bloot gestel is anne paar dialects van Kaaps. En ek gebruik et. Juis om virrie leser te inform wie issie character en om daai bond tussen ie leser ennie text te help form.

Hier blend ek so-half nou ie hoe ennie vi-wie. En regtig die teiken leser depend completely op waaoor ek skryf. Innie graphic novel oor Kylemore byvoorbeeld, mik ek respectively oppie mense vannie ghetto. Lat hulle sal lees, iemand het hulle maybe geskryf sonner om gat te vat. En virrie wit anties skryf ek ook, maa probably net virrie wit anties wat die ghetto kids try kos gee en force om soos wit-kinners te praat. Met oorryp ronne ‘o’, ‘e’ en ‘a’ klanke. Ek meen nie hie, meddie kritiek oppie spesifieke groep wit anties, om na race te verwysie. Eeder ie attempted verwoesting vanne taal deur ʼn oppressive taal. En dit ʼn oppressive taal wat ampe nooit mee gepraat word ie. Afrikaans is ʼn taal wat in sy suiwer vorm slegs nou in boeke

vookom. Daa is baie weinig sulke anties wat hom rerig praat soos hy innie HAT staan. Dus issit ŉ klein groep mense (die oppressors) waana ek in my graphic novel (gaan) vewys.

In van my poems, skryf ek dalk oor dood, general agony, political fokkops, blomme, liefde, haat, rape, anne trauma ens. Is soos Tim Seibles sê in 'Desperate and Beautiful Noise',

"When we think about voice, generally, we think of an individual speaking (writing) from a single position - his heart, her mind - but it is worth considering that a voice can be representative or stand-in for a community's voice. And though one might

rightly think of community in narrow terms - race, gender, class or sexual identity - the idea of community also cuts across such boundaries to include members of many different groups who share sensibility, a particular feeling about life…".

En hie kom ek nou oppe interesting deel vannie conversation af. In lyn meddie wie ennie hoe (en eintlik meeste aspekte van skryf en Suid-Afrikaanse skrywer wees) en die way ek met dialects werk, sê Tamiko Beyer iets baie apt in 'A Slanty Kind of Racial(ized) Poetics',

"I want to examine how our language is complicit in sustaining racism, as well as how it might work to dismantle it".

Ek stel meer belang innie 'dismantling van racism' deu middel van language as hoe it racism sustain.

Beyer sê ook, "I believe poetry exists to name or at least invoke/evoke – and give access to what is otherwise unnameable/hidden/silenced/disappeared. And so, then, poetry must be a place/ space to attempt to approach race and racism". Ek gebruik nou wel anner forms as net poetry, of net writing for that matter, maar hiemee identify ek completely in opinion. Ek noemit omlat ek meddie onwillekeurige white gaze my coloured community se storie skryf. En alhoewel haa baie aspekte en themes innie geheel vannie storie is, vorm racism (en classism of course) ŉ deel haavan.

Die wat. Is swaar geselskap. Waaoor ek skryf is soos ek hie bo sê baie wyd: In vammy poems, skryf ek dalk oor dood, general agony, political fokkops, blomme, liefde, haat, rape, anne trauma ens. Dan skryf ek natuurlik oor sexuality ook. Tog is sexuality vimy 'n nuwe area van skryf of selfs 'té hardop sê'.

In 'Writing About Race' deur Bettina Judd sê sy "I write about race in order to make sense of my place in this thing called race. I write about race because I can't only write about gender, sexuality, etc. Without writing about race". Is so waar daai. Die funny ding is, it gan probably nooit fully sin maakie. Maa it moet geskryf word. Sy sê ook, "As long as I recognize privilege as privilege and oppression as oppression I can write carefully and fully rather than recklessly and mindlessly". Ja, solank mens nie ignorant is en solank mens respect toon an wie it toekom, en authentic is, respectful is, kan writing oor race powerful wees. Wat sy hie sê remind my lat watever ek sê is fine

– ek kannit sê, maa ek moet myself kan reassure lat oor 20 jaar of whatever sal ek nog steeds by my writing kan staan ennit proudly own.

Ek het ook, besides ie obvious verhale vannie ghetto stories, ŉ anner approach tot racial writing. En ek dinkie essay 'Writing about Race' (Bettina Judd) beantwoord belangrike vrae. Ek wil graag racial recognition ennie issues wat haamee saamgan in ŉ South African context beginte oopskryf. Ek wil praat oor hoe it is om rond te loop inne land soos die en patymaal reg te kry om te vegeet lat ek wit is as opposed to swart, coloured etc. Maa dan haai experience te hê waa mens inne queue staan by byvoobeeld die Post Office, copstasie, Traffic Department, whatever, en waa nie een wit ou uncle innie queue mens sal uit single om kak te praat oor die system en dan without fail sal uit point lat it ŉ racial issue is. Vedien haai behaviour respect?

Waarskynlik nie. Maa it vedien definitief lat mens it skryf "carefully …rather than reckless and mindlessly".

Tewyl mens nou ŉ mindful en careful writer is, voel ek soos Linh Dinh in 'What I Usually Say to My Students' sê, "Be as crazy and as perverse as possible, be inspired to the point of madness, but don't be glib. Poetry should astound and frighten; not make you giggle for two seconds". Hie in lees ek, skryf fiercely maa respectfully.

Respect, nie net vi die reader nie, maa ook vi myself, vi die topic, vi die art of writing.

Ek glo ook as mens naby an mens se true intentions en feelings bly, sal glibness nie ŉ issue in writing wees nie. Is soos V. Khlebnikov in 'On Poetry' sê:

"If we think of the soul as split between the government of intellect and a stormy population of feelings, then incantations and beyonsense language are appeals over the head of the government straight to the population of feelings…".

Hoekoms is moeilike goed om te vestaan. Die woord opsigself, alleenstaande ŉ vraag.

Die hoekom het so baie met allie anner elements te doen, maa essentially dink ek ôs skryf oor ôs nie anners kannie. Oor alles gebeur, oor ôs it sien en ervaar en somehow moet express. Writing begin met die self. Dis my experience anyhow. In 'The African Writer's Experience of European Literature' sê Dambudzo Marechera "I do not consider influences pernicious. They are a type of apprenticeship". Ek connect wat hy sê annie lived-experiences van ŉ

writer. Is waar, lived-experience is my apprenticeship. Is waa ek my material kry. En sonner desperate situasies sou ek probably nooit beginte skryffit ie.

Waaom share ôs wat ôs skryf? Dis dalkie next groot vraag. Ek dink ôs deel wat ôs skryf sodat anner in similar circumstances kan identify. Maybe om te mimic wat ôs uit reading kry – en ook uit dit gekry het as kinners. Om iets terug te gee, maa ook eers te try improve op wat ôs geleer het.

Marechera, Dambudzo. “Beneath reality there is always fantasy” in Flora Veit-Wild, and Ernst Schade, eds. *Dumbudzo Marechera (1952-1987): Pictures, Poems, Prose, Tributes.* Baobab Books, 1988.

Khlebnikov, Velimir. “On Poetry” in *The King of Time: Poems, Fictions, Visions of the Future.* Harvard /University Press, 1985.

Dinh, Linh. “What I usually say to my students” in *Poets on Teaching: A Sourcebook*. Joshua Marie Wilkinson, ed. University of Iowa Press, 2010.

Judd, Bettina. “Writing about Race” in *The Racial Imaginary: Writers on Race in the Life of the Mind* Eds. Claudia Rankine, et al. eds. Fence Books, 2015.

Beyer, Tamiko. “A slanty kind of racial(ized) poetics” in *The Racial Imaginary: Writers on Race in the Life of the Mind* Eds. Claudia Rankine, et al. eds. Fence Books, 2015.

Seibles, Tim. “Desperate & Beautiful Noise” in *Of Color: Poets’ Ways of Making: An Anthology of Essays on Transformative Poetics.* Amanda Galvan Huynh and Luisa A. Ingloria, eds. The Operating System, 2019.

hooks, bell. “Narratives of Struggle” in *Critical Fictions: The Politics of Imaginative Writing*. Philomena Mariani, ed. Bay Press, 1991.

Federman, Raymond. Extract from “Surfiction: A Postmodern Position” in

*Critifictions: Postmodern Essays.* State University of New York Press, 1993.

**Book Reviews**

**"Beat it, just beat it"**

*Mean* deu Myriam Gurba. Minneapolis: Coffee house press 2017. 148 bladsye.

Die “bludgeoning death of a transient in Oakley Park.”, in Santa Maria, California, waa Michael Jackson sy Neverland Valley Ranch gebou et, word die base line, ie agtegrond waateen ie leser ie skrywer se grootword jare en eie experiences van sexual violence en sexual awakening sien afspeel.

Myriam Gurba isse Polish/Mexican Amerikaner wat deurie vetel van haa storie probee to terms kom meddie feit lat sy survive et toe die einste criminal haa gerape et nie lank voo die Sophia Torres ie headlines gemaak et.

Gurba gebryk woorde wat sou kon pass inne Michael Jackson song "He thrusts to the rhythm of her death rattle" (p. 12) ommie laaste oomlikke van Sophia se lewe dydelik voo ôs yt te hammer. Tog is it ’n memoir wattie baie focus oppie direkte aksie vannie rape vannie skrywer nie, die victimhood word ie perform deu baie detail van haa rape ie. Sy praat van haa eie rape inne sort of blasé way. “Yeah. When I was nineteen, I sort of got raped.” (p.138) Tog vind Gurba die woorde ommie kuns te maak met wat sy het, net soos Hannah Wilke en Virginia Woolf et.

Gurba heddie gosts vannie dood en haa experiences as vrou. "Some ghosts listen to the radio through the bodies of the living. They use us to conduct pain, pleasure, music, and meaning. They burden us with feelings that are both ours and theirs."(p. 13) en "Sophia is always with me. She haunts me. Guilt is a ghost."(p.12) is merkwaadige stellings wat haa rede virrie skryf vannie storie outline. Sy heddie vleis ommie lyf ommie storie te kan skryf.

Tussendeu ie mostly effective en endearing woodspelings, haa stream of consciousness writing style, pop culture vewysings, listing of subject choices op university en "Ain’t nobody got time for that" attitude oorie vetel van haa romantic life word daa pivotal oomlikke ytgelig wat ôs insig gee innie development van haa personal storie. En it is pivotal moments wat jou lat snak na asem yt disbelief.

Voobeelde vannie moments slyt die kee waa haa Geskiedenis onnie op skool gesien et hoe 'n classmate haa molesteer en weg gekyk et, in. Dit slyt die gesprekke oo die little league coach by haa skool wat 'n Chomo ('n Child molester Homo) was in, dit slyt haa "ho"-husseling vir drankgeld tales en haa suster se obsessie met maer wees in (wat volgens ie dokter nie anorexia kan wees ie- omlat Meksikaners ie dit kan kry nie).

Laas genoemde is according to Gurba 'n sure means na sainthood en is anti-rapists campaigning.

Anner pivotal moments in haa storie, ook innie lewens van anner naamlose vroue voo haa - is ie nonchalante vewysings na die disregarding mean slang ("wetbag" en "ho") wat haa Meksikaanse herkoms as subhumanness kategoriseer.

Hierie donker oomlikke van menswees reveal human traits waddie collective samelewing se weaknesses is, wat wys lat it nie 'n te far-fetched nightmare is om gerape en opgechop te word deu 'n smiling killer en dan vegeet te word ie. 'n Mens kry met reg, ie gevoel laddie direkte vetel vannie 'oomlikke' 'n tipe homage is- annie wit bene wat voo haa gekom et en annie "woman who is getting touched to death"(p.143) nou. Hierie is haa activism.

Gurba engage ie leser deulopend deu vrae annie leser te stel. Vrae soos "When was the last time you were mean for fun? When was the last time you were mean in the name of politics? Have you ever been mean for Jesus? When was the last time you tried to kill someone rather than let him into your club? When was the last time you wanted to kill someone but chose to be a bitch instead of a murderer?" laddie leser dink oo sy/haa eie posisie innie samelewing en posisionering teenoo violence. Wat dit "mean" om human te wees.

Die direkte anspreek vorm maak jou baie effectively deel vannie gesprekke rondom racism, bigotry, sexuality, mental illness, religion, identiteit ennie populariteit van rapists. "I like his music" erken sy steeds na sy oor Michael Jackson se rape trial praat.

Gurba se gebryk van beelde is vars en uniek-sy juxtapose sogenaamde unrelated dinge ongelooflik goed. As leser volg ôs, omlat ôs voel ôs het toegang tot haa binnewêreld, graag ie rondspring van haa gedagtes tussen woorde, die stilstaan by die betekenis van woorde en haa oneliner "punch lines" op onverwagte tye. Hierie punch lines counter die heaviness vannie topics mette moerse dose of dark humor. Ôs stop 'n paa keer om te vra- ‘wag, is it mean?’ na mens giggel oorie awkwardness en timing van haa statements.

Gurba is 'n vars, innovative stem. Ek sal hierdie kort novelle aan enigeen voorstel watte nuwe perspective oorie gekose topics norig et enne redelike stomach et vi brutal beelde-of dalk nie, dalk moet mens bietjie naar word.

Sy kry it reg ommie stof yt die spreekwoordelike mat te slaan.

## *The Vegetarian* isse literary Rorschach toets

*The Vegetarian: A Novel*. Han Kang. Vetaal deur Deborah Smith. Engelse weergawe: London/ New York. 2015. 104 bladsye.

In hierie vetaling vannie Suid-Koreaanse skrywer Han Kang se noteworthy novella: T*he Vegetarian* leer ôs Yeong-hye ken, ’n stil (gewoon) gehoorsame vrou wat beslyt omme vegetarian te word, teen haa familie se wil. Hierie beslyt breek ie seel van skans, donker geheime van ondenkbare desires in haa familie oop ennie leser wil meer daavan weet.

Die novella is in drie dele vedeel, The Vegetarian, The Mongolian Mark ennie Flaming Tree. Elkeen van hierie stories kan independently gelees word, maa is in mekaar in gevleg oppe kreatiewe gedetaileerde way wat voel soose stuk klassieke musiek offe epic poem.

It voel of Kang, deur haa karakters se stories, die stage set virrie leser om hulle donker onnerdrukte desires te face. Die karakters is so believable, maa ook archetypes – die innocent, die kunstenaar ennie caregiver, al drie in diens vannie skrywer en leser se gesprek met hulle eie dark desires. Meddie lees vannie novella vra mens ie vrae: Wat is real? Wat is norig en wat is vryheid?

In deel een, The Vegetarian, sien ôs Yeong-Hye, die protagonist, yttie perspektief van haa man, met wie sy getroud is omlat haa familie dit so wou hê. Hierie perspektief, tesame met donker drome wat in italics oppie bladsy bloei, skep vi ôs’n dydelike prentjie rondom wat vannie vrou in daarie samelewing vewag word, wie se opinie tel ennie onnerdrukkenne effek daavan. Ôs sien ie archetypal innocent vrou: “Her profile swam to me out of darkness. Her voice surprisingly clear.” (p.12)

In Mongolian Mark kry ôs met Yeong-hye se swear (sy naam word ie genoem ie) te doen, ’n kunstenaar, wat asse swakkeling gesien word. Die creative type wat volgens ie ander mans te min het ommie samelewing te bied. Ôs sien ie wêreld van begeerte (begeerte gerig op Yeong-hye) deur hierie naamlose man. Ôs commit aan sy skeppingsproses rondom ie video-opnameprojek, net soveel soos ie karakters, toddie begeerte wat hom dryf ôs wys watter moontlikhede daar innie onderbewuste lê.

In Flaming Tree kry ôs te doen mette caregiver, wat haa sielsiek suster onnersteen. Ôs sien ie binnewêreld van Yeong-hye se suster.  Ôs word met haa sin vir verantwoordelikheid, skuldgevoelens en vewyte gekonfronteer. It is in hierie laaste deel waarie keuse om net te let go, die sogenaamde pad na individuasie te volg en weg te breek van wat van haa vewag word, direk voor In-hye neegelê word. “Perhaps it is simpler than I thought” sê In-hye vir Yeong-hye. Die empatie waddie leser met die karakters ontwikkel word gemirror deerie empatie wat In-Hye teen ie einde vi haa suster (en haaself) et.

Byten vi haa skilful creation van karakters en perspective, gebryk Kang simboliek oppe onkonvensionele en vars way – nie omlat it iets anners as ie merkers waavoor it geken is beteken ie, maa oo hoe sy it so subtiel innie beskrywings verweef. It bly even wannee jy die boek neersit by jou. Sy gebryk ritme, ’n goeie konbinasie van kort sinne en breke in gedagtegange ommie images vas te lê.

Die Romantikuste vannie 19th Century et vewys na nature's "handwriting", wat oral gesien kan word, op vlerke, skulpe, innie wolke, sneeu, ys, kristalle en ander "strange conjunctions of chance" net soos in drome en visions. (Carl Jung in *Man and His Symbols*. P, 301). Kang vang iets vas vannie menslike natuur/menswees in hierie vehale en party waarhede is moeilik om na te kyk. Kang se skryfstyl isse sensitiewe kombinasie van pointing– na en bluntly–sê-'n-ding-soos-it-is. It is toevallig, (of is dit?) lat Kang The Vegetarian en Mongolian Mark meddie hand geskryf et.

Hierie boek isse literary Rorschach toets. Drieledig, semetriese susterkarakters ennie kunstenaar annie vou vannie blad/boek. Wat jy sien reveal iets an jouself. Ek sal hierie boek vi enigeen anbeveel wat hou vanne goedgeskrewe novella, met sterk karakters, storielyn enne nie so straight forward use of images. Kang wys vi ôs ie beelde in woorde en vetrou ie leser om self te interpret, miskien speel sy sielkundige hier? It issie moeilik om te lees ie, trek mens in, maa los steeds na die tyd genoeg om an te kou en jou te lat ponder oor jou eie dark desires in jou subconscious. Ek sal veseker weer en weer na hierie stories trugkeer. As ek it innie oorspronlike taal kon lees sou ek omlat ek vermoed ie spel met ritme en beelde nog meer intens is in Koreaans.

**Die lug val ie skrif is annie muur**

*A General Theory of Oblivion*. José Eduardo Agualusa. Engelse vertaling deur Daniel Hahn vertaal: London. 2015. 120 bladsye. Ebook ISBN 978144191543

Teenie agtegrond vannie Angolese independence (in 1975) ennie civil war wat daa'op gevolg et, leer ôs Ludo, 'n Portugese vrou ken. Ludo isse sensitiewe, eenkant mens wat nog altyd 'n tipe aversion teenie byte wêreld gehad et en wat in haa jonger dae saans byrie venster ytgehang et, asof sy oor 'n donke gat leun. Sy was innedaad "scared to fall into the stars" (p.10) Die vehaal van Ludo, wat haaself in haa apartment toe gegrendel et vi 30 jaar is geskoei oppe vrou, Ludovica Fernandes Mano se journals – op weklike gebeure. Ludo et saam haa suster en haa suster se man in Angola gebly. Die paartjie et kort na independence, net voo hulle al drie saam meddie anne bourgeois ryk mense ie land sou velaat, vedwyn en so het Ludo haa stryd vi afgeslote oolewing beginte. Die skrif was annie muur. Lettelik en figuulik. Haa hys se mure et haa mond geraak, haa geveg teen vergetelheid. "If I still had the space, the charcoal, and available walls, I could compose a great work about forgetting: a general theory of oblivion." (p. 51).

Die teer vehaal van Ludo en Phantom (ie hond) se oolewing vorm ie axis waa rondom ie leser ie anner karakters, wat veskeie perspectives en politiese orientations in Angola veteenwoodig, ken. Monté isse wrede former state security agent wat velief raak op Maria Clara. Maria Clara trou teen haa pa, Horacio, se wense met Monté.

Horacio isse gewone man, wattie wil hê lat sy dogter moet involved raak mette communist ie. Hy teel met duiwe. Jeremia isse man wat sy ability om te praat veloor et na hy 'n bullet met sy tanne gekeer et inne tipe failed execution. Little Chief, 'n law student mette rebellious side, het sy geld gemaak oppe honger maag, toe hy 'n duif gegut het en diamante daa in gekry et.

Nasser Evangelista werk vi Little Chief asse doorman by die gebou wat hy eventually gekoop et omlat hy Little Chief help escape et ydie tronk. Sabalu, ʼn sewe-jarige seun, se ma is dood en hy is opsoek na sy pa – ʼn soldaat wat in Angola gewerk (en moontlik gesterf) et. Sabalu word die katalisator waadeur ôs ie intricate web van menslikheid en fate wee aan Ludo vebind. Soveel vannie vehaal speel af tydens Ludo se persoonlike oorlewingstryd – waa sy byna elke possible meubelstuk, boek en vloer in haa apartment vebrand om warm te bly. Die leser bly deurentyd wonder wat al hierie mense met mekaar te doen et?

Meddie lees vannie vehaal kry mens ie gevoel laddie leser ʼn birds eye view kry vannie veskillende karakters se lewens – miskien et it iets te doen met Ludo ennie feit lat haa view van bo ytte apartment ʼn tipe lens word waadeur daa narie anner se lewens gekyk word. Selfs karakters waana nie hie vewys word ie, kry ʼn equal dose of viewing. Dus is it mention-worthy laddie narrator vannie vehaal it goed regkry ommie distance van actual happenings en nabyheid vannie mense se ‘inner-life’ te balance en images te create waddie leser behoolik boei.

Soos it possibly reeds blyk meddie gebryk van woorde soos ‘birds eye view’ en ‘viewings’, issie novella originally geskryf meddie hoop omme film daavan te maak. Die skrywer erken lat hy ʼn ‘screen play’ in gedagte gehad et “it was from this original structure that I came to the novel”. (p.119). So is it ook, in hierie geval, lat dié hoop ie novella dien deu space te los om sekere themes te highlight en van multiple kante te explore

Themes rondom vegetelheid, veganklikheid, vryheid en kommunikasie staan sterk yt. Elkeen vannie karakters et hulle eie struggle met veganklikheid ennie idee rondom wat it beteken om vegeet te word. It is hiérie struggles wat dydelik menslikheid inne onvegiflike during/post civil war environment highlight.

“Don't torture yourself anymore, our mistakes correct us. We should practice forgetting, reaching for oblivion” (p.110) is Ludo se woorde an Jeremia wanner sy hom onmoet. “Forgetting is dying...forgetting is surrender” is sy anwoord daa’op. Monté wens lat hy en sy rol innie ellende vegeet word en Ludo se eensaamheid lê opgeslyt in haa vedydliking van paradise: “people who are missed by others, they are the ones who go to paradise” (p. 108)

Soos na enige oolog, is mense disillusioned en kan daa gevra word wat vekeerd gegan et? Hoe it moontlik is lat soveel ellende teenwoorig is? En offie gain ie menslike ellende werd is? It is heel gepas laddie effektiwiteit van veskillende ways van kommunnikasie – van posduif tot TV-skerm, van praat na lees en skryf, reevaluate word. Agualusa maak slim keuses rondom hoe hy ‘kommunikasie’ voolê en question: Jeremia kannie praat ie, Ludo kannie mee sien nie, Monté haat ie voo’uitgang vannie elektroniese TV-aard en Nasser Evangelista hou van net lees. Ludo sê oorrie stemme oorrie radio: “I don’t understand the languages I hear outside, the languages the radio brings into the house. I don’t understand what they’re saying, not even when they sound like they’re speaking Portuguese, because this Portuguese they are speaking is no longer mine” (p.22). Agualusa laat ie leser meddie frustrasie wroeg en tot hul eie conclusion kom.

*A General Theory of Oblivion* issie die maklikste novella om te lees ie, maa isse belangrike een. José Eduardo Agualusa isse gesoute joernalis, wat daarin slaag om individual stories innie groter geskiedenis met deernis neer te pen. As jy nie veel weet vannie Angolese geskiedenis ie, kan jy dalk sukkel ommie konteks ennie gravity van daarrie konteks, vanyt ie staanspoor te vestaan. It is wel ie moeite werd ommie moeite te doen om mee yt te vind. Hierie vehaal isse interessante depiction vannie woorde vanne anne writer, Sydney Sheldon: "No man is an island. What happens to one, happens to us all, for we are all made of clay and stardust. We share the same moments of time."

**Weird fiction**

*Things We Found During the Autopsy short fiction by Kuzhali Manickavel,* Kuzhali Manickavel. Blaft Publications.199 blaaie.

As mens ie boek omdraai en die back cover scan, ka mens sommer dadelik sien hie broei iets sinister in hierie book. Dis ʼn list van goed wat innie boek feature. Die highlights is vir my, omme paar te noem: Drake, Angels, Indian Culture – maa ook absoluut geen Indian Culture, hoere, kots, minty vars non-Cola Cola, queers, drugs, shapeshifters ens. Is weird fiction. By tye even moeilik om te interpret en interessant dat van dit innie future tense geskryf is.

In sy essay 'Notes on Writing Weird Fiction' skryf H. P. Lovecraft "Atmosphere, not action, is the great desideratum of weird fiction. Indeed, all that a wonder story can ever be is a vivid picture of a certain type of human mood. The moment it tries to be anything else it becomes cheap, puerile, and unconvincing. Prime emphasis should be given to subtle suggestion—imperceptible hints and touches of selective associative detail which express shadings of moods and build up a vague illusion of the strange reality of the unreal". En inderdaad, Manickavel, skep hierie atmosfeer deur ie skep van human moods, deurie karakters, beskrywings van surroundings, omstanighede ens.

Vat byvoobeeld ie cover storie, 'Six Things We Found During the Autopsy', waa ʼn groep meisies ʼn autopsy op ʼn anner meisie doen. Hulle discover ses goed gedurenne die autopsy naamlik, ʼn *Playboy Magazine*, swart miere, engele, St. Sebastian, typhoid in haa lewer enne *Playgirl magazine*. Die groep meisies gaan han voort en kom tot ʼn paar bizarre conclusions, byvoorbeeld "We thought it must be neat to be a typhoid carrier", "We could not find any incisions so we decided she must have rammed the *Playboy* into her ear…". Die lys van objects wat discover word tydens die autopsy (netjies genommer een tot ses – asof dit die storie meer credibility gee) laat mens wonner en verklaar ie storie weird en impossible. Die intimacy van ie procedure wat hierie groep meisies perform oppie anner is tog so netjies juxtaposed meddie feit lat hulle nooit actually met haa connect het – en ook weer in kontras meddie swart miere wat absoluut geen rede het om te bly, nou lat sy dood is nie.

Innie storie ‘Throwing Rocks at Dogs’ gooi ŉ vrou ŉ slum kind mette klip lat hy sommer bewusteloos is. Sy voelie compassion virrie kind ie. Haa enigste worry is laddie mense vannie slum retaliate en revenge op haa vat. In hierie geval wordie bizarre nou wee uitgebeeld deurie behaviour vannie main karakter. Nie soseer ie omstannighede nie.

Een vannie most powerful stories innie boek is ook een vannie kortste, in ‘How to Wear an indian Village’ woord daa extremely sarkasties en tog extremely directly na hoe ie mense (die kinners ve’al) vannie slum exploit word deur tourists. “Promise the children that you will send copies of every photograph that was taken. Write their addresses down in English. … Two weeks later you will find abandoned slips of addresses under the car mats”.

Ten slotte, hierie is soos it oppie cover sê, ŉ vesameling kort fiction. Strange kort fiction. Die meaningful albeit obskure uitvloeisels van ŉ briljante mind. Ek sou wel sê as dit mens se eerste smaak van weird fiction is, sallit baie moeilik wees om iets te kry wat nie hierie definisie vannie term skade berokken nie. Weird inderdaad!